INVESTIGATION INTO ALLEGED MISCONDUCT

STELLENBOSCH UNIVERSITY

CASE NO: REC01/11/2019

DATE: 2019-11-12

COMMISSIONER: JUDGE BURTON FOURIE

WITNESS: MR CHRIS OTTO

DIGITAL AUDIO
RECORDING TRANSCRIPTIONS
Glen Manor Office Park
138 Frikkie de Beer Str
Block 5, Suite 1/G
Menlyn
Tel.: (012) 940 6821
Fax: (012) 348 3542
www.digitalaudio.co.za

/...

## TRANSCRIBER'S CERTIFICATE

This is to certify that, **insofar as it is audible**, the aforegoing is a true and correct transcript of the proceedings recorded by means of a mechanical recorder in the matter of:

STELLENBOSCH UNIVERSITY PRIVATE

| | | |
|---|---|---|
| CASE NUMBER | : | PRIVATE |
| RECORDED AT | : | STELLENBOSCH |
| DATE HELD | : | 12 NOVEMBER 2019 |
| TRANSCRIBERS | : | NATASJA VD BERG |
| | : | DORIETTE STANIFORTH |
| NUMBER OF AUDIO FILES | : | 1 |
| NUMBER OF PAGES | : | 35 |

**REPORT ON RECORDING**

1. AUDIO NOT AUDIBLE AT ALL - LOUD BACKGROUND NOISE WITNESS NOT AUDIBLE. COMMISSIONER NOT AUDIBLE. TRANSCRIBER CANNOT TRANSCRIBE THIS AUDIO AS EVERY SECOND WORD IS INDISTINCT.

DIGITAL AUDIO
RECORDING TRANSCRIPTIONS
Glen Manor Office Park
138 Frikkie de Beer Str
Block 5, Suite 1/G
Menlyn
Tel.: (012) 940 6821
Fax: (012) 348 3542
www.digitalaudio.co.za

/...

## INVESTIGATION

## UNIVERSITY OF STELLENBOSCH

---

**PROCEEDINGS COMMENCE ON 12 NOVEMBER 2019**

COMMISSIONER: Just for the sake of the record, this is Tuesday the 12th of November 2019. The first day was set aside for interviews with witnesses in this investigation into the alleged conduct of the Rector of the University of Stellenbosch.

Also for the sake of the record, in particular I have been tasked by the Executive Committee of the Council of the University to conduct an investigation and to prepare a written report on alleged serious violations of the law and more serious misconduct on the part of the Rector.

The evidence will in due course show what that is all about, but as we know all of this has – has its background, certain mitigation between the voluntary association named Gelyke Kanse, and the University and the Constitutional Court with one of the ten Judges who heard the matter being recently elected John Sloane of the University Justice Head Cameron.

Now to this end we have prepared a schedule and a timetable of witnesses, and I intend following those in that sequence, I should add that this is in no particular order and all dependent upon the availability of witnesses as far

54C

as the day or the time is concerned.

Now our first witness in terms of the sequence is Mr Chris Otto, and we are going to proceed with his – his evidence. I would just like to make the point that as I see it, this is an investigation. In other words it is an inquisitorial process that I believe should be followed.

Therefore this is not a court case; therefore I will also not as presently advised allow any cross-examination as such. I think if at some stage there is a party present who wishes to put a question to the witness, that can be done through the Chair and not directly aimed at the witness, so that we do not fall into a – into a court case atmosphere.

Then we get to Mr Otto. Mr Otto, you are the first witness. I think if you for the record please can state your full names?

<u>WITNESS</u>: Chris Adriaan Otto.

<u>COMMISSIONER</u>: And as I understand the position, you – you have put your -- your name forward, so to speak, as a person who has knowledge of the matters concerning this investigation?

<u>MNR OTTO</u>: Dit is korrek.

<u>COMMISSIONER</u>: And therefore you would like to give evidence.

<u>MNR OTTO</u>: Dit is inderdaad korrek.

COMMISSIONER: Now the choice is yours. English or Afrikaans? It seems to me that you prefer to go the Afrikaans route?

MNR OTTO: Asseblief.

KOMMISSARIS: Goed, dan sal ons dit so doen. Ek het nou juis gemeld dat ek nie die eed afneem nie. Ek aanvaar uiteraard dat wat elke getuie betref sodanige getuie gebonde is deur sy eie gewete om die waarheid te praat.

MNR OTTO: Dit is heeltemal reg.

KOMMISSARIS: Dan meneer Otto - If we can just hand the witness these documents, please Mr Carriem. U sal sien daar is so 'n geel lêer wat ons graag sou wou verwys na die – as die Getuie Bundel, maar u hoef nie u tans daarmee te bemoei nie. Die dokumentasie waar – waarheen ons u – u graag sou wou neem is wat u nou voor u het. Dit is enkele bladsye.

Ek is persoonlik nie heeltemal seker hoe dit – daardie dokumente hulle weg in die bundel in gevind het nie, maar hulle is daar. U sal sien dit is dokumentasie wat verband hou met 'n Whatsapp groep – Whatsapp groep. Ek dink dit word genoem die Kanseliers Groep.

MNR OTTO: Ja.

KOMMISSARIS: Is u bekend met daardie dokumentasie?

MNR OTTO: Ja. Ons [onduidelik] hierdie is

ingedien hier met goedkeuring van al die lede van hierdie groep... [tussenbeide]

KOMMISSARIS: Goed.

MNR OTTO: Ek sal netnou 'n agtergrond gee oor die goed wat ek verstaan daarvan.

KOMMISSARIS: Goed.

MNR OTTO: ...[onduidelik].

KOMMISSARIS: Want ek wou juis by u seker maak. Dit is nie dokumentasie wat – wat so te spreek in die publieke domein is nie.

MNR OTTO: Nee.

KOMMISSARIS: So daar is nie 'n beswaar van u of die ander lede wat – wat gemeld word in daardie dokumentasie teen die gebruik daarvan in hierdie verrigtinge nie?

MNR OTTO: Korrek.

KOMMISSARIS: Goed. Nou meneer Otto, dan dink ek as u miskien net vir ons dan persoonlike agtergrond dalk net vir 'n begin sal gee van – van u verbintenis met veral die Universiteit van Stellenbosch en – en wat alles daarmee gepaard gaan? So ek dink ek gaan u vrye teuels gee dat u dan dit op daardie wyse dit doen.

MNR OTTO: Seker, dankie Kommissaris. Ek sal 'n bietjie teruggaan en u 'n bietjie agtergrond gee, beginnende met 'n kring wat ook bekendstaan as die "Kanselierskring". Nou dit is 'n groep wat in die lewe gebring is 'n klompie jare

terug.

KOMMISSARIS: Kansellierskring?

MNR OTTO: Kanselierskring, Chancellors' Circle. En dit is maar net 'n mooi naam vir groot [onduidelik] in die universiteit wat saamgevoeg is in die sodanige kansellierskring, waarvan die voorsitter wil ek amper sê – of die gasheer die kansellier van tyd tot tyd is, en dit is volgens my [onduidelik]. En die rede hoekom ek daarna verwys, Kommissaris, is omdat hy sal by geleenthede – en daar is volgende week weer een, word daar normaalweg gepraat oor sake wat die universiteit raak, insluitende die kanselliere. En dit was darem nou algemene kennis dat die huidige kansellier in sy tweede termyn was, en hy het baie duidelik aangedui dat hy gaan uittree en nie verder beskikbaar wees nie. So daar was oor die laaste klompie jare verskeie gesprekke oor wie hom gaan opvolg as kansellier.

Ek is ook betrokke by die regsfakulteit in die sin van ek is voorsitter van die regsfakulteit trust wat baie help om die fakulteit uit te bou en ook in daardie opsig het ek gereeld geskakel met my [onduidelik] en met die Rektor.

Een van ons projekte was toevallig die instel van die leerstudie sosiale geregtigheid [onduidelik] Thuli Madonsela, in en die proses het 'n mens ook heelwat gesprekke gehad met die direktoraat en spesifiek die

Rektor. Ek gee daardie agtergrond met die afloop om te kyk na die volgende gesprekke wat gegaan het, en in die proses en die Rektor het my daar herinner want hy het korrespondensie en hy gaan dit seker ook hiernatoe bring, so vroeg soos ek dink Januarie 2018 het ons begin praat oor amper meer formele [onduidelik] epos wat ons mense se name genoem word vir moontlike kandidate om die kanselier op te volg.

Nou die goed gaan nou as – so heen weer en heen en weer, en daar is allerhande goed en name wat rondgegooi is. Een van die name wat natuurlik noodwendig [onduidelik] het, ek kan nie vir u sê wanneer, hoe omstreeks nie, maar dit was so in die gesprekke want ek praat nou van 'n tydperk van die begin van 2018 af tot amper einde Oktober 2019.

Dit was natuurlik heelwat gesiene en dramaties en so aan en een van die dinge waaroor mense sterk gevoel het is dat die opvolger moet 'n oud-Matie wees. Ek het natuurlik persoonlik gedink ook in die Regsfakulteit, hy het sy redes, maar alhoewel dan moet ek sommer net so... Nee, ek sal die grappies na die tyd maak, vir ingeval [onduidelik] Regter Cameron se naam ter sprake gekom.

Kommissaris, ek kan nie sê en ek kan nie onthou nie, daar is seker [onduidelik] net 'n manier of dit nou gekom het voor die hofaansoeke van Gelyke Kanse of

daarna, want ek kan dit nie onthou nie, maar wat ek wel baie duidelik kan onthou is ons het deur die gesprekke wat ek gehad het was daar nooit enige verwysing na enige van daardie sake of dit of dat of so iets nie.

Die hele doel was om die beste moontlike kandidaat te kry as kansellier. Ons het toe heen en weer die [onduidelik] hierso so in die begin van Augustus hierdie jaar rond het dit eintlik nou - ons moet nou na 'n punt te kom, en die – in die tussentyd was die Rektor besig om met mense te skakel onder andere met Regter Cameron.

Ek kan nie daaroor persoonlik getuig nie, want ek het hierdie persoon leer ken as [onduidelik]. Ek kan net getuig vanaf... Hy het my een aand gebel en ek – ek onthou nie die datum nie, maar ons kan die datum vasstel en [onduidelik]. Toe bel die Rektor my en sê maar ons het bietjie van 'n terugslag, Regter Cameron sê hy kan nie, hy het is baie gevlei en al die goed, maar hy kan nie die aanstelling aanvaar nie want [onduidelik] Gelyke Kanse se saak hier voor die hof. En nou moet ons weer dink. Ek het hom later die aand teruggebel toe staan [onduidelik], en sê jislaaik ons het nou nie baie tyd nie nie, maar hierso is 'n paar voorstelle van my kant af. Hy het sekere name [onduidelik] 'n klomp van hulle is daarmee afgeskiet, ek gaan nie nou die ander moontlike kandidate hier noem nie, maar dit is – dit is nie ter sprake nie, maar dit was – ons

het toe hard gewerk daaraan.

ŉ Week, kort daarna by ŉ geleentheid, dit was die 17de Augustus, die Saterdag, dit was kom ek noem dit nou maar die [onduidelik] hierso by Bettiesbaai en daar was nou ŉ klomp mense betrokke, onder andere Regter Cameron wat ook ŉ [onduidelik]. Maar ek vat toe die geleentheid om met Regter Cameron te praat en te sê maar jy weet al hierdie goeters, hy is te sensitief en so aan, die een ding het niks met die ander ding te doen en ons verstaan sy posisie en so aan, maar hy moet asseblief heroorweeg. Toe sê hy vir my dit is nou baie toevallig het hy net die vorige aand met Advokaat Jerome Meiring gesels. Hy het met hom gesels en hy het vir hom dieselfde ding gesê. Hy sal ŉ opinie gee [onduidelik] dalk kan invloed hê op die ander een.

En net toe ons mekaar groet daardie middag, toe sê hy ek het hom nou weer [onduidelik] miskien ŉ oorlas gemaak van my maar ek het tog op Regter Cameron ŉ bietjie druk geplaas en gesê, jy weet, ek dink dit is ŉ groot taak en baie belangrik [onduidelik]. Ek het toe net voor ons ry toe het ek met die Rektor gepraat en vir hom gesê ek het nou weer met Edwin gepraat, ek het die geleentheid gehad om [onduidelik] en hoekom ek toe die Rektor gebel het is om te sê daardie name wat ons voorgestel het wat jy intussentyd moet nader omdat Regter Cameron [onduidelik] hou dit maar net ŉ bietjie terug, want Regter Cameron het

gesê hy sal so 'n bietjie daaroor dink en hy is op pad na Johannesburg toe, hy sal die Maandag en die Dinsdag oorkom ook [onduidelik] met my weer gesels, so aan en toe die Rektor sê toe goed ek sal bietjie terughou, ons sal daar sit en wag vir Regter Cameron on terug te kom na ons toe, wat hy inderwaarheid die volgende Dinsdag of Woensdag gedoen het het en toe sê hy hy het dit alles oorweeg, maar [onduidelik] hy voel nog steeds baie sensitief daaroor, en hy wil dit ook [onduidelik] Gelyke Kanse, die groepie onder leiding van Johan Heunis ook instem, hy wil nie dat daar enige onnodigheid is nie, wat toe natuurlik 'n probleem geskep het want iemand van ons [onduidelik] en hy hoor dit van [onduidelik] dis nog ek nog van die ander mense wat betrokke is by die ding wat toe daar die sogenaamde Kanseliers Groepie [onduidelik], gunsteling wat [onduidelik] is en was dit toe 'n groot ding en [onduidelik] daar sal 'n groepie wees u sien [onduidelik] wie gaan met Jan Heunis praat.

<u>KOMMISSARIS</u>: Ja, ek sien dit is die – die onderwerp van die gesprek in hierdie hele... [tussenbeide]

<u>MNR OTTO</u>: Ja. Maar iemand moet met Jan praat. Toe het ons - daar was verskeie name genoem [onduidelik] en ek op 'n stadium vir Andreas van Wyk ek kan met hom praat, wie kan [onduidelik] Koos Bekker het baie, ja Koos was ook ek wil amper sê polities maar aanvanklik het nou

ook baie gewerk nou nie meer later nie maar in elk geval. Ons het intussen die groep – Machiel op die einde, Koos Bekker het gekom, Koos het toe met Jan Heunis gepraat, ek weet nou nie of hy hom oortuig het nie, ek het nie eerstehandse kennis nie. Ek weet net hy het met hom gepraat en slim genoeg ook gevra sit maar net dit op skrif vir Regter Cameron dat namens Gelyke Kanse het julle geen probleem nie, en Koos Bekker was so burgerlik oor die hele ding dat hy het ook daarop aangedring dat hy wil die voorsteller wees van Regter Cameron as Kanselier. 'n Brief is toe geskryf en na Regter Cameron gestuur en hy het toe gesê nou het al sy besware verdwyn en hy sal graag die uitnodiging aanvaar. Nou Kommissaris in die groep was [onduidelik] en ek weet die klagte gaan nou oor die inmenging van die Rektor en onbehoorlike goeters en so aan. Maar jy weet net die – net om sommer net te bewys ek het hierso 'n afskrif van 'n epos wat ek van Regter Cameron ontvang het, as ek dit mag lees vir die rekord?

KOMMISSARIS: Ja, sekerlik.

MNR OTTO: Ek het vir hom op die 25ste September geskryf net om hom geluk te wens. Ek het gesê:

> "Heartiest congratulations on your election. Thank you also for making yourself available for this austere office. [Onduidelik) kandidaat pas by die van die

> universiteit en ek weet jy dit gaan dit geniet ook."

Toe skryf Regter Cameron vir my terug:

> "Baie dankie, Chris. Ek hoop jy hou jouself verantwoordelik. Die gesprek met [onduidelik] was oorwegend. Groete."

En die rede hoekom ek dit in die rekord wil insit is dit toon duidelik dat meerdere mense in die proses betrokke was en nie nou, ek weet nie wat al die bewerings is nie, maar onbehoorlike optree en whatever of so iets nie, Regter Cameron sien dit persoonlik ook so vir wat ons gedoen het, so ... Ek kan nie eintlik veel meer byvoeg nie, maar dit was presies die verloop van sake.

Ek het sedertdien nog nie weer vir Regter Cameron gesien of met hom gesels nie, ons is [onduidelik] na al hierdie onaangenaamhede afgehandel is [onduidelik]. Ons het verskeie – ek het ook maar net gehoor van die briewe en die onbehoorlike goeters wat gedoen is, selfs kan jy dit glo 'n kêrel met die naam van Gustaf Pienaar wat daar van [onduidelik] afgekom het, het ook sommer sy stuiwer in die armbeurs gegooi het [onduidelik]. Maar in elk geval, kom ons los maar daardie – daardie stukke.

<u>KOMMISSARIS</u>: Hy het so 'n rubriek wat hy in die Burger op Saterdae skryf.

<u>MNR OTTO</u>: Ja, en hy het [onduidelik] geskrywe,

maar in elk geval die goed [onduidelik] kommissaris dis een van die redes hoekom ek gedink het ek maak myself beskikbaar en vertel vir die Kommissie presies wat die storie is wat gebeur het van die dele wat ek persoonlik – so die een ding wat ek, die een punt wat ek graag wil herhaal, miskien moet ek net eers myself in die rede val, ek het ook met verskeie ander partye [onduidelik] en ook met Regter Cameron geskakel en hy kan dit bevestig, onder andere Professor Marius [onduidelik] en Regter Cameron [onduidelik[ want dit is die mede [onduidelik] wat die 7de en die 8ste uitgawe [onduidelik] Law of Trusts so hulle ken mekaar baie goed en mag dalk klasmaats gewees het, en hy het toe ook gedink dat Regter Cameron is die aangewese mens en sonder dat ons daarvan – en as ek sê ons die groepie die Kanselierskring groep en die mense wat hierin is, het hulle ook met Regter Cameron geskakel en ek het ook vir hulle dieselfde beswaar geopper van ons het 'n probleem totdat hulle nou gehoor het die probleem het verdwyn en hulle het toe trouens ook voorgestel en genomineer en so aan, los van wat die Direktoraat sou gedoen of wat ons sou gedoen het.

So die punt wat ek wil maak is dit het van verskeie kante afgekom, daar was geen kwessie daarvan dat die rektor persoonlik hier 'n ding gedoen het en daar, ek kon nie sien hoe hy iets kon sou wou [onduidelik] nie, en soos ek

gesê het dit het van verskeie kante afgekom, hy was 'n uitstekende kandidaat en natuurlik nou die implikasie en dit is nou 'n persoonlike mening dan mense kan dink dat 'n rektor mense soos Regter Cameron beïnvloed en weer vir ander Regters ook is absoluut verregaande. Maar Kommissaris dit is nou maar persoonlike opinies, u het gesê dit is nie kruisverhoor nie en dit is alles [onduidelik].

KOMMISSARIS: Ja.

MNR OTTO: Al is dit – net om te herhaal na my mening en die feite wat ek weet dit is 'n algemeen [onduidelik] om op 'n besondere kandidaat te stel as kanselier, ek dink daar was vyf kandidate en met die stemming dit was so oorweldigend [onduidelik].

KOMMISSARIS: Ek verstaan dit was volstrekte meerderheid.

MNR OTTO: Ja, nee absoluut die eerste rondte.

KOMMISSARIS: Mens kan seker verder byvoeg.

MNR OTTO: Ja, ja, nee absoluut, nee absoluut, hy was net 'n uitsonderlike kandidaat.

KOMMISSARIS: Mnr Otto enige van die persone wat nou deel was van die kanseliers groepie Whatsapp groepie, behalwe nou Professor de Villiers was enige van die ander persone verbonde aan enige – aan die universiteit self of aan die Raad of aan die Senaat of die konvokasie of wat ook al mag wees.

MNR OTTO: Ja, ekskuus, kom ek gee net die agtergrond daarvan. Ons het so heen en weer begin Whatsapps stuur, dan skryf ek onder [onduidelik] en dan kom ons weer dan skryf vir die en so aan [onduidelik], ek is nou nie so tegniesvaardig nie, [onduidelik] op Whatsapp dan is almal se name daarop, dis almal [onduidelik] vir die mense, die Rektor was in beheer die heeltyd omdat hy belang daarby het, ons het ook vir Professor Steyn ingesluit want hy is Voorsitter van die Raad.

KOMMISSARIS: Dis nou George Steyn, dis nou nie Gys Steyn nie.

MNR OTTO: Dis Gys Steyn se seun.

KOMMISSARIS: O, se seun?

MNR OTTO: Ja, Gys was vroeër jare voorsitter van die raad, en George is ook [onduidelik] hy het natuurlik amper 'n groot inset in die soort van sake, die ander is dan ek en Machiel Le Roux en Machiel is ook 'n trustee van die Regsfasiliteit Trust en [onduidelik] maar geen ander [onduidelik] dan Edwin Hertzog is ook [onduidelik] by die Universiteit, ook van die Kanselierskring en net 'n – ook 'n voormalige voorsitter van die raad en ook 'n aktiewe belangstelling in die [onduidelik] van die universiteit en hy ook op 'n betreklike laat stadium betrokke geraak en gesê maar hoe kan hy help en toe het ons hom ook maar ingesluit in die groepie. Ek weet nie is daar nog ander lede

wat ek nou nie kan onthou nie toe het ons net daarso gesels.

Daar is net van tyd tot tyd in die vroeër dae [onduidelik] ek het nooit met Andreas van Wyk self gepraat nie en ook nie met Koos Bekker nie, maar Machiel het definitief met hulle gepraat.

<u>KOMMISSARIS</u>: Ja, nee hulle name is net genoem sonder dat hulle – dieselfde met Neil Krige byvoorbeeld.

<u>MNR OTTO</u>: Ja, Neil Krige is die, net om sy rol te gee hy is die Voorsitter van die fondsinsameling van die universiteit en die bemarking en alles so aan, en hy het – speel 'n baie groot rol in die stigting van die kanselierskring is hy betrokke en kyk ons kon dit nou nie teen hom hou nie, Neil nie maar hy is tog [onduidelik] altyd bietjie anders maar hy het 'n waardevolle rol gespeel so ons het hom ook op hoogte van sake probeer hou.

Nou mag ek net sê hoe onbevooroordeeld ons is oor die saak, soos u weet is Regter Cameron ook [onduidelik] ten spyte daarvan ...[tussenbeide]

<u>KOMMISSARIS</u>: Ja ek wou dit nou self byvoeg.

<u>MNR OTTO</u>: Hy is by verre die beste man vir hierdie *job*.

<u>KOMMISSARIS</u>: So in die breë gesien die doel van die groep, die kring, was ons soek die beste persoon as kanselier en in die proses was die konsensus dat Regter

Cameron die regte persoon is?

MNR OTTO: O by verre, nee by verre. U weet Kommissaris dit is so, ek weet nie of u sy CV gelees het nie, ...[onduidelik] absoluut uitstaande ...[onduidelik].

KOMMISSARIS: Nou dit is nou eintlik 'n onnodige vraag in die lig van wat u nou reeds getuig het maar net ter afronding van die aspek was u ter enige tyd deel van 'n gesprek binne die groepie of met wie ook al waar Gelyke Kanse geopper is die hofsaak met betrekking tot Gelyke Sake as synde 'n voordeel wat dalk aan Regter Cameron aangebied kan word, synde die kanselierskap en dan 'n *quid pro quo* wat dis wat nodig sou wees, 'n *quid pro quo* wat ons dan verwag van Regter Cameron is dat hy ons goedgesind sal wees, ek sê nou ons, die Universiteit goedgesind sou wees in die Gelyke Kanse saak?

MNR OTTO: Nee Kommissaris, absoluut nee. Enige iemand wat so 'n stelling maak met absolute minagting, dit was nooit ter sprake nie. Nooit nie, mens dink nie so nie, nee. ...[onduidelik] dit is nie die manier van optrede nie, die mense wat sulke insinuasies maak ...[onduidelik].

KOMMISSARIS: Ek kan miskien net wat dit betref net verwys na die amptelike klagte wat – dit is Dr Scheiber wat dit ingedien het, ek het hom hoeveel bekyk al maar ek sukkel om hom te vind. Mr Carriem maybe you can just put it in front of the witness quickly. I think it's – I thought it

was under D, let's just see, that's right, that's the 24 October, I am looking for the one – here we are thank you, with my secret notes on it. Ek weet nie of u dit al onder oë gehad het nie. Ek gee net vir u die kans u kan net daar deurgaan asseblief. Yes it was in fact under A.

<u>MNR OTTO</u>: Goed dankie Kommissaris.

<u>KOMMISSARIS</u>: As ek net vir u na sekere passasies daar kan verwys, voor ons dan miskien daar kom u is ook 'n regsgeleerde, u weet dus dat as dit kom by – as ek miskien meer na die Engels kan oorskakel, na die kwessie van *bias*, is die vraag of daar getuienis is van direkte *bias* of vooroordeel wat eintlik in 'n mate van 'n hof behels om in die gedagtegang van die betrokke kom ons noem dit nou maar beskuldigde te klim ten einde te bepaal of hy inderdaad subjektief gesproke bevooroordeeld was. Dan is daar die tweede kategorie wat normaalweg die perd is wat opgesaal word synde die – the perception of bias, met ander woorde wat dan weer 'n objektiewe toets behels waar die vraag dan of die bewyslas wat gekwyt moet word is dat optrede van die betrokke persoon was van sodanige aard dat die redelike persoon tot die gevolgtrekking sou gekom het dat op daardie getuienis die persoon soos die geval van Regter Cameron inderdaad bevooroordeeld was, so dit is 'n objektiewe en 'n subjektiewe toets, so as mens nou kyk na hierdie klagte dan lyk dit my dit wissel tussen objektief en

subjektief, ek kan nie mooi altyd bepaal welke een van die twee die perd is wat opgesaal moet word nie, maar kom ons kyk net na wat gesê word.

In die eerste paragraaf sê dit:

"Die klagtes spruit uit bewerings in die openbare domein dat de Villiers [dis nou Professor de Villiers] op 'n onreëlmatige, onetiese en moontlik onwettige wyse ingemeng het in die hofsaak tussen die US en Gelyke Kanse."

Nou as 'n breë stelling is daar enige iets wat u waargeneem het wat u tot die gevolgtrekking sou lei dat dit inderdaad die geval was?

<u>MNR OTTO</u>: Nee, absoluut nie, die agtergrond het geen, en die verloop van sake, daar was hoegenaamd niks so iets nie.

<u>KOMMISSARIS</u>: Dan gaan dit verder in die tweede paragraaf ...[tussenbeide]

<u>MNR OTTO</u>: U weet Kommissaris ek wil net 'n punt maak sou ons op daai stadium gedink aan die hofsaak, maar dit het uitgekom toe Regter Cameron dit gesê het maar ons het nie eers daaraan gedink nie, soos ...[onduidelik] ook gesê het u weet daar is tien regters en jy gaan nou een beïnvloed om so iets ...[tussenbeide] sou ek gedink het die man maak 'n grap. So ek was altyd geskok oor ...[onduidelik].

KOMMISSARIS: Dan sê die klaer ook in die tweede paragraaf, die finale sin:

> "Uit media berigte word die indruk ook geskep dat De Villiers die pos van kanselier aan Cameron aangebied het as 'n manier om hom om te koop ten gunste – om ten gunste van US te beslis in die hofsaak."

In u omgang met betrekking tot die aangeleentheid het u daardie indruk gekry dat waarmee ons hier te doen het is eintlik 'n poging om hom om te koop?

MNR OTTO: Nee absoluut nie, nee hoegenaamd nie. Soos ek reeds gesê het die feite spreek van vanself, om 'n Regter om te koop ek weet nie, 'n Regter Kommissaris ek dink dit is verregaande stellings en sommer ...[onduidelik] bronne media berigte.

KOMMISSARIS: Dan in die laaste paragraaf op die laaste bladsy sal u sien daar is bullet points waar individuele beweringe dan ook byname genoem word en dit is dat die ondersoekspan moet ondersoek eerstens of De Villiers die US se reputasie, beeld en goeie naam geskaad het deur die in isolasie lyk dit weer na objektiewe toets, deur die indruk te skep dat hy 'n Grondwet om 'n regter omgekoop het deur hom die pos van kanselier aan te bied terwyl die saak steeds voor die hof was. Nou het u ooit die indruk gekry as – kom ons sê nou u as redelike man dat dit

inderdaad die doel was waaronder hy die kanselierskap sou aanbied hom gegun het?

MNR OTTO: Nee, hoegenaamd nie. My waarneminge is tussen vriende van die ...[onduidelik] tot die hele ...[onduidelik] is om die Regter te kry om kanselier te wees, u weet dit is een van die punte wat ek vantevore gemaak het hierso op my toekennings ...[onduidelik] Regter Cameron jy kry mense wat die universiteit ...[onduidelik] die mens voeg waarde by ...[onduidelik] by die aanvaarding van ...[onduidelik] dit is soortgelyk met die ...[onduidelik] regdeur iets om ...[onduidelik] van die universiteit deur die kanselierskap ...[onduidelik] dit gaan nie oor persoonlike sake nie, dit gaan oor ...[onduidelik]. Dit is 'n ding wat baie belangrik is vir die universiteit, die gravitas wat daarmee saamgaan en alles ondersoek deur die hele spektrum almal afgehaal en almal ken Regter Cameron se agtergrond en persoonlike lewe en so aan en sonder uitsondering ...[onduidelik] en dit is almal hoogstens ...[onduidelik] kandidate gereed as kanselier, want dit is belangrik, ...[onduidelik] kom ons vergeet nou van die dae van 'n John Vorster of 'n P W Botha wat daarna kanseliers in die universiteit gehad het, dis hoe sterk ons gevoel het daaroor, absoluut gesiene mense was, ...[onduidelik] die universiteit ...[onduidelik] dis die soort van mense wat jy wou gehad het as kanseliers P W Botha, en Johan

...[onduidelik] dis die soort van mense wat jy eerste so 'n persoon versoek en al uitsondering ...[onduidelik] so ek dink dit is ...[onduidelik] die universiteit se beeld ...[onduidelik] as 'n ...[onduidelik]. Ek gee nou 'n lang storie net om op die punt te kom, maar dit is mos nou uitsonderlik ...[onduidelik] jaloers is.

<u>KOMMISSARIS</u>: Dan net om te kyk na die volgende punt wat daar gemaak word dat die bewering ondersoek moet word of De Villiers onwettig of oneties opgetree het deur herhaaldelik persoonlik kontak te maak met die Regter wat uitspraak sou lewer in die saak. So met ander woorde die blote feit van kontak maak word dan gestel as moontlike onwettige of onetiese optrede. Nou dink ek ook moet mens dit sien teen die agtergrond dit is sekerlik so dat die algemene gesproke waar daar litigasie hangende is dat 'n mens nie normaalweg sou vind dat 'n getuie – ek sê nou 'n getuie, 'n party wat 'n belang daarby het met die bepaalde Regter sou kontak maak nie, en dat dit inderdaad daarop kan neerkom dat daar daardeur die persepsie gevorm word dat hier objektief gesproke 'n mate van baie if you wish aan die kant van die betrokke persone sal wees.

<u>MNR OTTO</u>: Kommissaris ek luister wat u sê, daar is vir my twee punte daarin die eerste ene dis die job van die rektor of die kanselier om dit te doen, ek kan nie sê ...[onduidelik], almal het bygedra maar dit was primêr sy

taak om vir mense ...[onduidelik] vir die kanselierskap ...[onduidelik] as hy is in die proses.

KOMMISSARIS: Ek is jammer, dit is volgens u ervaring ook die gebruik.

MNR OTTO: Ja.

KOMMISSARIS: Ander mense mag persoonlik praat met die moontlike kandidaat maar die kan ek dit noem die formele uitnodiging of nominasie of uitnodiging to nominering sal normaalweg van die rektor afkom.

MNR OTTO: Absoluut ja, 100%.

KOMMISSARIS: Anders gaan jy onhoudbare situasie kry.

MNR OTTO: Presies wat in hierdie geval so bietjie gebeur het, ek sal nie sê onhoudbaar nie maar teen die agtergrond het 'n paar van ons insluitende myself betrokke geraak en die *timing* was nie perfek nie, maar ek dink die – hoe kan ek sê ...[onduidelik] daar enige snaaks aan was ...[onduidelik] en toe ek nou hiervan gehoor het en mens moet toegee die *timing* was nie maar sou ek dit voor die tyd gedoen het sou dit nog steeds ...[onduidelik] kom ons kyk die beste ...[onduidelik] iemand in sy regte ...[onduidelik] al die mense ken en jy ken die karakters en die aantal mense wat betrokke is jy weet as jy nou 'n grap maak 'n geheimpie is mos net 'n geheim as net een mens daarvan weet, so 'n klomp mense wat lank daarvan weet en nie een van hulie

het ooit gedink daar is so iets betrokke ...[onduidelik] en hulle kan almal hier kom sit en ...[onduidelik] die beste man.

KOMMISSARIS: So daar was nie, volgens u siening van die saak daar was nie 'n ander oplossing om vir soverre dit persoonlike kontak met die voorgenome kandidaat betref daar is eintlik nie 'n ander manier as om dit moet deur die rektor geskied as mens die formele kanaal volg?

MNR OTTO: Korrek, nee korrek, en ...[onduidelik] was die rektor ook 'n naam op die groepie wat ten hoogte is van die goed want op die ou einde sal hy weer die formele ding moet gaan, Regter Cameron sou met hom moes skakel om te sê baie dankie ek aanvaar die uitnodiging ...[onduidelik] inmenging op die saak ...[onduidelik] mindere of meerdere mate ...[onduidelik] dit is dood normaal dis hoe dit moet wees.

KOMMISSARIS: U sien ek het dan nou sit en dink ook oor my eie ervaring byvoorbeeld as mens in 'n siviele saak sou sit, dit het met my gebeur inderdaad dan sien ek op 'n stadium agter in die hof maar daar sit 'n ou skoolvriend van my wat ek herken en toe ek na die stukke kyk toe sien ek hy is die hoofdeskundige vir een van die partye. Nou, nou wat nou? Want sê ek niks nie en dit kom na vore op 'n manier dan klaarblyklik is daar 'n objektiewe persepsie moontlik van bevooroordeeldheid van my kant synde dat ek hom goed

ken. Wat ek gedoen het was ek het die partye ingeroep, die regsverteenwoordigers en gesê dit is die situasie, dit maak aan my persoonlik geen verskil nie, maar ek wil hê die partye moet daaroor nadink en besluit, en wat toe gebeur is die partye dink daaroor na en kom terug na my toe en dis wat gewoonlik maar gebeur, en sê luister Regter ons het nie 'n probleem nie, of hulle kom terug en sê ons het 'n probleem, my kliënt – dan sê ek goed dan sal ek myself onttrek maar in hierdie geval wat ek nou genoem het is daar toe nie 'n probleem van enige van die partye in die saak nie, toe het ek maar voortgegaan.

As mens dit aanvaar as – en ek dink mens kan dit redelik seker aanvaar as die korrekte manier om 'n ding te benader, wil ek net graag u mening hoor oor Regter Cameron, as mens nou na sy optrede kyk objektief gesproke as ...[onduidelik], die eerste instansie toe hy nou daar met al hierdie dokumentasie rondom homself sit toe besef hy maar daar is geen manier, hy is gekompromitteer, hy kan nie hier 'n beslissing maak nie en dan later gaan dinge, ontwikkel dinge anders verder en dan is dit vir my interessant dat hy dan sê ja ek is nou bereid om dit te doen maar ek wil hê Gelyke Kanse moet daarvan weet of saamstem of instem of die groen lig gee, wat mens dit ook al noem, hoe sien u die reaksie van Gelyke Kanse toe?

U weet daar is die skrywe van mnr Heunis, ek weet

nie of u dit onder oë gehad het nie.

MNR OTTO: Nee ek het nie.

KOMMISSARIS: Ek wil dit net vir u wys, dit is nou 'n lang antwoord wat ek nou gestel het maar dit bring u dan by daai skrywe uit, it is Mr Heunis' letter which I find which I paginated Section D at page 13.

MNR OTTO: Kommissaris ek probeer mooi vir mnr Heunis ...[onduidelik] lees ...[onduidelik] siende dat u my mooi vra.

KOMMISSARIS: 29 August thank you. As u net daar kan kyk mnr Otto dis nou 'n brief aan Regter Cameron deur mnr Heunis, hy skryf daar in sy hoedanigheid as Gelyke Kanse en die ander party se leier advokaat, dis maar net die derde paragraaf wat ek u na wil verwys, waar hy sê:

> "Be that as it may this serves to inform you that there will be no objection from the parties which I represent in that case [that case being Gelyke Kanse] to your acceptance of a nomination as a candidate for the position of Chancellor at Stellenbosch University."

MNR OTTO: Korrek.

KOMMISSARIS: Ek sien in die Whatsapp groepie het julle dit beskryf as 'n groen lig.

MNR OTTO: Ja.

KOMMISSARIS: Het u enige twyfel dat dit iets anderste

as 'n groen lig is?

MNR OTTO: Nee.

KOMMISSARIS: Wel ek het êrens in die korrespondensie opgelet dat daar 'n ek wil amper sê, ek wil nie sê 'n poging nie maar dat mnr Heunis sê dit is, hy stel dit eintlik anders voor dis nie dat hy toestem daartoe dat die rektor vir mnr – vir Regter Cameron nomineer nie, maar dit is in die algemeen dat hulle nie 'n beswaar het indien Regter Cameron sou 'n nominasie wou aanvaar nie, met ander woorde dit is nie persoonlik gebonde aan dit wat nou alreeds gebeur het tussen die rektor ...[tussenbeide]

MNR OTTO: Kommissaris met respek ek vind dit moeilik om te verstaan selfs na u dit vir my verduidelik het ek kan nie verstaan wat hierdie man se punt is nie want hierdie is vir my 'n verskriklike ...[onduidelik] want dit is wat ons wou gehad en die man wat met hom gepraat het, Koos Bekker, het dit ook presies so verstaan en dis wat hy gevra is en gedoen het.

KOMMISSARIS: Ja en dit is eintlik Koos Bekker, soos ek dan het volgens die Whatsapp groepie wat daardie kontak gemaak het en wat toe daardie groen lig gekry het en die volgende dag is hierdie brief geskryf sien ek.

MNR OTTO: Korrek, ja.

KOMMISSARIS: Wat dan sê ...[tussenbeide]

MNR OTTO: En heel behoorlik, soos u sê

...[onduidelik] ek kon Regter Cameron se posisie verstaan, ek het nie noodwendig daarmee saamgestem nie, maar ek kan dit verstaan en as die Regter die goed op die ordentlike manier doen, ek is met *retrospect* verskriklik bly dat dit op die manier gedoen is.

KOMMISSARIS: Want as ons teruggaan na my voorbeeld wat ek gegee het as ek die brief dan sou kry van die partye wat sê ons het geen probleem dat u voortgaan met die verhoor nie, nou kan dit werklik iets anderste as 'n groen lig wees?

MNR OTTO: There will be no objection from the parties, ek weet nie hoe mens dit anders kan interpreteer nie en dit moet teruggaan na my punt toe wat u vroeër ook aangestip het dit is wat dit is want die ...[onduidelik] om dit dan af te handel en te bevestig die een na die ander ...[onduidelik], u sal ook sien dat die Whatsapp Groep ...[onduidelik] toe ons verneem het van die brief dit is nou afgelê dat ons is toe almal slaag 'n sug van verligting.

KOMMISSARIS: Ja, ja, allerhande emojis en so wat deur die lug vlieg.

MNR OTTO: Ja, ek sien tog ons noem hier van die ...[onduidelik]

KOMMISSARIS: Ja.

MNR OTTO: U weet die probleem is dat ons met alles met respek ...[onduidelik] daar kan nou mense wees

wie se name hier genoem word dit moontlik daar onderkant ...[onduidelik] is natuurlike nie genader ...[onduidelik].

<u>KOMMISSARIS</u>: Ja.

<u>MNR OTTO</u>: ...[onduidelik] die hele trant is maar ons moet die beste mens kry, dit is die posisie.

<u>KOMMISSARIS</u>: Maar dit is wat die laaste punt op klaer se brief op die eerste bladsy dan maak is of De Villiers vir Cameron dit is nou inderdaad probeer omkoop het deur hom die kanselier aan te bied in ruil vir 'n gunstige hofuitspraak. Nou ...[onduidelik] seker saamstem dat jy kan slegs iemand omkoop as daar 'n *quid pro quo* is.

<u>MNR OTTO</u>: Korrek.

<u>KOMMISSARIS</u>: En *quid pro quo* sou met ander woorde wees 'n gunstige hofuitspraak. Enige sprake van wat u waargeneem het enige tyd dat daar so 'n bedoeling aan die kant van Professor de Villiers was?

<u>MNR OTTO</u>: Nee hoegenaamd nie, ...[onduidelik] minagting. U week Kommissaris die ...[onduidelik] as jy die uitspraak gaan lees van die ...[onduidelik] Hof verskeie ouens het nou opinies en Regter Froneman het opinies wat ek daarmee saamstem, hy weet hoe dit werk in die hof as 'n opinie in stryd ...[onduidelik] of jy moet verskriklik ...[onduidelik] as jy dink dat een Regter kan nege ander ...[onduidelik], dit is een ding om 'n single judge te probeer omkoop maar om tien ouens ...[onduidelik] dit is net

sinneloos, u weet ek kan nie – nie eers in fairytales nie.

KOMMISSARIS: Ja, want dit ...[tussenbeide]

MNR OTTO: So dit het nooit by mens opgekom nie, ek dink ek oordryf nou bietjie maar dit het nooit by jou opgekom dat daar so iets is nie want jy besef ek bedoel dit is net nie moontlik nie, daar bestaan nie so iets nie.

KOMMISSARIS: Dit is interessant as mens kyk na die regspraak, daar is nie gevalle waar byvoorbeeld 'n hof van tien lede na bewering almal omgekoop is nie, die verste wat dit gekom het is Burnett se saak teen ABSA waar Regter Cashalia in die Appèlhof ABSA aandele gehou het.

MNR OTTO: Ja, ja.

KOMMISSARIS: En Regter Nugent het blykbaar een van sy dae gehad wat hy ingeklim het onder die Advokate van mnr Bernard sodat hulle sê hy was ook bevooroordeeld.

MNR OTTO: ...[onduidelik]

KOMMISSARIS: Dit was, so dit is op daai basies, daar was verwerp maar ek kon niks vind nie ek het selfs 'n artikel gevind van twee baie goeie joernaliste by ...[onduidelik] hulle het 'n wye ding geskryf oor die kwessie van *bias and perceived bias* selfs in Australië en orals nêrens kon ek nog iets vind wat die impak het wat u nou noem nie, want mens moet prakties daaraan dink.

MNR OTTO: Presies.

KOMMISSARIS: Die saak is gehoor, almal gaan in die

kamer in en hulle maak die deur toe, nou gaan een nou moet jy glo gaan so sterk om vir almal glo hy kan almal se arm draai om tot 'n bevinding te kom, dis moeilik, alhoewel Regter Cameron se opinie uiteraard dra baie gewig maar ek hoor wat u sê.

MNR OTTO: Dra baie respek en hy was ook talle kere in die minderheid.

KOMMISSARIS: Ja.

MNR OTTO: Ten spyte van daai reuse kennis en ...[onduidelik] en ander beslissings wat hy sou bring, so ek dink dit is ludicrous to even ...[onduidelik]

KOMMISSARIS: Ja, dan net om te voltooi hierso op die volgende bladsy sê die klaer dan of De Villiers die Grondwet Hof se geloofwaardigheid sowel as die Hof se uitspraak in die betrokke saak ondermyn het om die indruk te skep dat hy vir Cameron probeer omkoop het, dit blyk nou weer objektief te wees daarmee het ons reeds gehandel.

MNR OTTO: Korrek.

KOMMISSARIS: Ek weet nie of daar iets verder is wat u daaroor wil sê nie.

MNR OTTO: Nee iemand sou seker die hoofregter kon nader en vra wat is jou opinie maar ek dink dit sou so onvanpas wees want as dit lyk dat daar 'n 1% kans is dat dat dit so iets kan wees ...[onduidelik].

KOMMISSARIS: Maar die toets soos ek dit verstaan, verskoon my dat ek nou ...[onduidelik], soos wat ek dit verstaan in die sake is it's a double reasonable test, met ander woorde dit moet 'n redelik persoon wees wat daardie indruk kry, en daardie indruk moet redeliker wys gegrond wees, met ander woorde daar moet redelik feite bestaan vir die indruk en dan moet die een wat daardie gevolgtrekking maak moet dan ook redelik wees.

MNR OTTO: Presies.

KOMMISSARIS: Dit is ook nie 'n maklike onus om te kwyt nie, dit ...[tussenbeide]

MNR OTTO: ...[onduidelik] 'n enkele koerantberig in 'n koerant of so iets dit is nie die bewys daarvan, die vae begrip media berigte of sulke soort van goed nie.

KOMMISSARIS: Ja.

MNR OTTO: En u sal sien ook ek sien weer vanoggend in die koerant daar word verwys na die Kommissie in die verslag maar dit is maar 'n enkele koerant wat die storie so bietjie probeer aan die lewe hou en insinuasies maak en die een ding en die ander, ek dink vir die res van die wêreld is dit lankal verby, selfs die uitspraak van Gelyke Kanse was net so een dag nuus ...[onduidelik] daar is baie groter stories as daai soort van goed, so ek – nee ek kan nie, ...[onduidelik] nee dit is nie so nie.

En dan die laaste punt De Villiers word weens die

skade wat aan US aangerig is en dan is dit weer terug na hierdie ...[onduidelik] toe, die skade ek kan nie eers verstaan watse skade nie, want die teendeel dit werk eintlik andersom, ja. Die media wat hierdie ...[onduidelik] of goeters ...[onduidelik] en dit is altyd die ongelukkigheid van Stellenbosch bly UCT nou ja Stellenbosch het darem nou 'n stewige nommer twee.

KOMMISSARIS: Ek het dit opgelet ja.

MNR OTTO: En dit strek natuurlik oor die eer van die rektor en die Raad, dit is nou mense wat ...[onduidelik].

KOMMISSARIS: Is daar nog enige iets wat u sou wou byvoeg?

MNR OTTO: Nee wat dankie Kommissaris ek dink ek het nou my storie, my sienings in hierdie saak, ek is enige tyd bereid om weer te help, om terug te kom of so. Daar was net werklik nooit iets sinister wat ek van weet of gesien het nie, en met al die mense wat ek mee gepraat het ...[onduidelik]. En miskien moet ek dit tog net weer sê ek is baie bly, tot voordeel van die universiteit dat Regter Cameron ingestem het om die aanbod te aanvaar.

KOMMISSARIS: Ja, yes Mr Carriem we are finished with this witness, I see we have Mr Rossouw and Mr Heunis is it at twelve, oh I see yes, but we will have tea now it seems to me, obligatory cup of tea, is there anything else of a formal nature that you wish me to deal with Mr Otto,

nothing that we overlooked, bundles and so forth? Yes, mnr Otto baie dankie vir u tyd, u kan dan verskoon word, ek dink nie ons sal u weer lastig val nie maar mens weet nooit nie.

<u>MNR OTTO</u>: Dankie Kommissaris.

<u>KOMMISSARIS</u>: Indien nodig kan hulle met u kontak maak.

<u>MNR OTTO</u>: Ja net nie hierdie week nie.

<u>KOMMISSARIS</u>: Nie hierdie week nie.

**<u>ONDERHOUD EINDIG</u>**

# INVESTIGATION INTO ALLEGED MISCONDUCT

## STELLENBOSCH UNIVERSITY

CASE NO: REC01/11/2019

DATE: 2019-11-12

COMMISSIONER: JUDGE BURTON FOURIE

WITNESS: MR JAN CHRISTIAAN HEUNIS

DIGITAL AUDIO RECORDING TRANSCRIPTIONS
Glen Manor Office Park
138 Frikkie de Beer Str
Block 5, Suite 1/G
Menlyn
Tel.: (012) 940 6821
Fax: (012) 348 3542
www.digitalaudio.co.za

## TRANSCRIBER'S CERTIFICATE

This is to certify that, **insofar as it is audible**, the aforegoing is a true and correct transcript of the proceedings recorded by means of a mechanical recorder in the matter of:

STELLENBOSCH UNIVERSITY PRIVATE

| | | |
|---|---|---|
| CASE NUMBER | : | PRIVATE |
| RECORDED AT | : | STELLENBOSCH |
| DATE HELD | : | 12 NOVEMBER 2019 |
| TRANSCRIBERS | : | ZELNA VERMAAK |
| NUMBER OF AUDIO FILES | : | 1 |
| NUMBER OF PAGES | : | 40 |

**REPORT ON RECORDING**

1. A LOT OF NOISE ON AUDIO
2. PEOPLE LAUGHING AND TALKING OVER EACH OTHER

DIGITAL AUDIO
RECORDING TRANSCRIPTIONS
Glen Manor Office Park
138 Frikkie de Beer Str
Block 5, Suite 1/G
Menlyn
Tel.: (012) 940 6821
Fax: (012) 348 3542
www.digitalaudio.co.za

INVESTIGATION

UNIVERSITY OF STELLENBOSCH

---

**PROCEEDINGS RESUME ON 12 NOVEMBER 2019**

MR ROSSOUW: [Indistinct]. Hardly ever [indistinct].

KOMMISSARIS: Ons het nou in Afrikaans weg gespring en is dit Afrikaans of Engels, want ek wil die preferensie regkry. Sal ons maar hou op hierdie Afrikaans? Net vir die rekord se onthalwe dan, ons is dan nou by die volgende [onduidelik]. Wat ek nou reeds van die rekord af verduidelik het is dat, dit is 'n inkwisitoriese proses. Dit is nie 'n hofsaak nie. Ek het 'n opdrag om 'n ondersoek in te stel en 'n verslag op te stel aangaande sekere bewerings teen die lector van die Universiteit, wat die opdrag aan my beskryf word as "the alleged serious violation of the law, or serious misconduct on the part of the lector." So, dit is die basis waarna– van die klagte waarna ek dan nou ondersoek instel. Ons weet almal wat die agtergrond is. Dit hang saam met litigasie [onduidelik]. Dit weet ons nou almal. Dit gaan oor Regter Cameron se nominasie [onduidelik] een van die [onduidelik] gelyke kanse litigasie aangehoor het. Hy was ook die skrywer van die meerderheids– nie meerderheids nie– die uitsprake– die hoof uitsprake. [Onduidelik]. Dan wil ek ook net sêg, ons het dan 'n skedule van getuies wat beskikbaar is. Ek wil dit net

beklemtoon, dit is in geen bepaalde volgorde nie. Dit is bloot afhangende van die beskikbaarheid van die betrokke getuies.

Goed. Ek dink dan net by wyse van produksie of voorstelling, Mnr Rossouw, kan jy net self u volle name gee en miskien net so 'n kort agtergrond skets as u wil? Ook dan met betrekking tot u verbinding met die Universiteit van Stellenbosch.

<u>MNR HEUNIS</u>: Goed, u moet– u kan my gerus– as ek te wyd [onduidelik] reageer op die vraag, dan kan u my tot orde bring.

<u>KOMMISSARIS</u>: Nee. Nee, sekerlik. Ek sal waar ek moet, maar ek sal ook nie onnodig nie.

<u>MNR HEUNIS</u>: Ek is Jan Christiaan Heunis en 'n senior advokaat wat as sulks praktiseer by die Kaapse Bali. Ek is ook die verkose president van die konvokasie van die Universiteit van Stellenbosch. In die eerste jaar van my tweede termyn. Ek het ook opgetree as die advokaat met die hulp van 'n kollega, in die saak van gelyke kanse teen die voorsitter van die senaat van die Universiteit van Stellenbosch, wat die rektor is en die voorsitter van die Raad van die Universiteit van Stellenbosch. As die tweede respondent wat dan aansoek aanvanklik na die Kaapse Hooggeregshof of die Kaapse Hoër Hof vir hulle [onduidelik] om die besluit/besluite in terme waarvan die 2016 taalbeleid

goedgekeur is en die taalbeleid self ter syde te stel.

Ek was ook 'n lid van die Raad van die Universiteit. Ek is gekies as 'n konvokasie verteenwoordiger met die meerderheid stemme in 2016. Ek het as raadslid van die Universiteit bedank na ek tevergeefs probeer het om die Universiteit te laat afsien van sy voorneme om die 2016 taalbeleid te aanvaar. My standpunt en die van gelyke kanse– die hoof applikant in die aansoek teen die Universiteit van Stellenbosch– was dat, as gevolg van 'n verskeidenheid faktore– en veral demografiese faktore– Stellenbosch Afrikaans en Engels minstens op die basis van gelykheid as primêre tale van ondderig behoort te hê. Dit ook in terme van wat vereis word in terme van die industriële beleidverhoor– taalbeleid verhoor onderwys en dat daar betekenisvolle verbintenis gemaak behoort te word om IsiKhoza as 'n wetenskaps-taal en 'n taal van tersiêre onderrig te ontwikkel. Okeï, hierdie aansoek het misluk in die Kaapse Provinsiale afdeling in 2017 eers en daar is toe aansoek gedoen vir verlof om direk na die Konstitutionele Hof toe te appelleer, welke verlof toegestaan is. Die saak sou aangehoor word op 8 Augustus 2018. [Onduidelik]?

<u>KOMMISSARIS</u>: [Onduidelik].

<u>MNR HEUNIS</u>: Dit was die jaar [onduidelik]. 13 September. Apologie. 13 September 2018. Die 8

Augtustus verwar ek nou met toe dit uiteindelik aangehoor is.

KOMMISSARIS: Ja.

MNR HEUNIS: Drie dae voor die tyd, voordat die appèl aangehoor sou word– en ons is– ons het vir u 'n tydlyn opgestel, Regter, van al ons omswerwinge in die hof en ons pogings om die saak voor die hof te kry, wat regtig 'n uitputtende en teleurstellende ervaring was as gevolg van die totale gebrek aan samewerking en gebrek aan reaksie van amptenare van die hof. Ons het byvoorbeeld by geleentheid vir 'n volle dag lank iemand laat bel om na die hof te gaan en daar is nie [onduidelik] of iemand daar te praat en die sentrale was nie eers [onduidelik] gewees nie.

Hoë dit ook al sy, drie dae voor die saak sou voorkom, is ons deur die hoofregter in kennis gestel dat die rekord– die oor– vertaal moet word alvorens die saak aangehoor kan word en die saak is *sine die* uitgestel. Omdat ek in elk geval op daardie datum in Johannesburg moes wees, het ek met my kollega– Advokaat Jeremy Muller SC– wat die Universiteit se advokaat was– afgespreek dat dit in orde sou wees vir ons– vir my en my opdraggewende prokureur– om namens almal die hoofregter te gaan sien om die verdere verloop van die proses met hom te bespreek. Byvoorbeeld, die vertaling ensovoorts. Die hoofregter se kantoor het toe laat weet dat hy ons nie te woord sou kon

staan nie, aangesien hy 'n toespraak in Natal êrens moes gaan hou en dat ons met Regter Cameron kon praat, wat toe ast'ware nou die meer senior regter was en hy het toe ast'ware verantwoordelikheid aanvaar vir die bestuur– management of the case. Ons het hom gaan sien en ons het afgespreek dat die partye kan reël vir die vertaling en dat dit die hele rekord sal wees, en dit is per brief bevestig nie lank nadat ons daardie gesprek met hom gehad het nie.

Die vertaling daaroor [onduidelik] sou u vir baie lank besig gehou het. U weet, dit was chaos. Die partye het onderling ooreengekom dat die Universiteit van Stellenbosch se taalsentrum moet vertaling kan doen, maar omdat hulle kwotasie daarvoor meer as R500,000 was, het [onduidelik] laat weet dat die vertaling moet op tender uitgesit word. Dit het– toe het die Universiteit van Stellenbosch aangedui maar hulle sal dit vir R500,000 doen. Hoë dit ook al sy, dit het die hof nie laat afsien van die feit dat dit op tender moes uitgaan nie. Op die ou end weet ons nie wie die vertaling gedoen het nie. Nie al die dokumente was vertaal nie, maar die– en die vertaling is– lyk of dit 'n Google translation is. Dit is– ek weet nie hoe regters gaan Afrikaans kan lees en die Engels kon verstaan nie, want selfs nie eers 'n ding soos 'n eedsverklaring is as 'n "affidavit" vertaal nie.

<u>KOMMISSARIS</u>: Die hele saak was op stukke gewees?

MNR HEUNIS: Die hele saak was op stukke.

KOMMISSARIS: En die stukke was alles– meestal seker in Afrikaans?

MNR HEUNIS: Afrikaans gewees, ja.

MNR ROSSOUW: Die rekord is omtrent so ses en 'n half duisend bladsye.

MNR HEUNIS: In elk geval, ons het toe– ons het– by meer as een geleentheid het die hof ons gevra om sekere aspekte van die saak skriftelik toe te lig en ons het dit natuurlik in Engels gedoen soos wat die aansoek om verlof tot appèl in [onduidelik] opgestel was.

Die saak is toe uiteindelik voor die hof gewees op 8 Augustus en u sal sien– ek weet nie of u die korrespondensie tussen Regter Cameron tot u beskikking het nie– Regter Cameron en die rektor en– die rektor en Advokaat Meiring en Advokaat Meiring en Regter Cameron als tot u beskikking het nie.

MNR ROSSOUW: Ja, wat ons wel het– ek het miskien nou nagelaat. U sal sien daar lê 'n geel lêers [onduidelik] wat ons daar aangemaak gesit het. Dit is die dokumentasie wat ons inderdaad ontvang het en dit sluit– soos ek dit verstaan– alle dokumentasie in wat in besit is van die Universiteit. Plus dit sluit ook daardie dokumentasie in wat Mnr Rossouw [onduidelik] tot die [onduidelik] van die polisie gebring het, plus al daardie aanhangsels, A, B, C

ensovoorts. Om die vraag net in kort te antwoord, ja. Met ander woorde, u verwys na die eposse... [tussenbeide].

MNR HEUNIS: Ja.

MNR ROSSOUW: Die eposse. Ek dink dit is ander eposse wat jy daar het.

MNR HEUNIS: Dit is korrek.

MNR ROSSOUW: Ja. Tussen– en dan tussen die rektor en Regter Cameron en dan ook die– daar is 'n lang epos wisseling tussenin. Dit is al die ander eposse tussen Regter Cameron en Advokaat Meiring.

MNR HEUNIS: Ja.

KOMMISSARIS: So, ek het insae in al daardie gehad. So, ek het dit– dit is dan beskikbaar as u wou weer verwys, of het u dit seker voor u ook?

MNR HEUNIS: Ja. Ja. Ek het– miskien dan net sêg dat, die saak is toe aangehoor en ek dink nie dit is onbelangrik om– ek dink dit is belangrik om te sêg dat, ons het goeie moed gehad dat ons hierdie saak sou wen. Dat die applikante die saak sou wen. [Onduidelik] applikant as vader van die studente. Ek is 'n applikant as president van die konvokasie, meer in 'n simboliese rol as enigiets anders, maar– en daar was verskeie ander studente waarvan 'n hele paar ook bruin studente was. Dit was 'n aansienlike– in my beskeie opinie, 'n aansienlik beter aansoek as die van Afriforum, Solidariteit en die Vrystaat

saak en hoofsaaklik... [tussenbeide].

KOMMISSARIS: Ek wou nounet sêg, daar was dit juis die probleem gewees.

MNR HEUNIS: Maar die applikant was 'n Engels-sprekende dame, as ek my... [tussenbeide].

KOMMISSARIS: [Onduidelik]. Daar was geen– daar was geen nexus vir dit gewees nie. Wel, dat iets gevindeer kon word nie.

MNR HEUNIS: So, hierdie– hierdie aansoek– en ek gaan u nie bemoei nie, Regter– ons sal al die stukke tot u beskikking stel as u dit wil hê, maar ons gaan– die aansoek is basies gesê, maar kyk, die Grondwet het sy artikel 29(2) en as dit redelik moontlik is, dan moet u nou by jou moedertaal onderrig kan kry. Dan is daar die Hoë Wet op Hoër Onderwys, wat bepaal dat die Universiteit maak sy taalbeleid onderhewig aan die– onderhewig aan die ministeriële beleid en die ministriele beleid sêg Afrikaans is 'n nasionale water wat ontwikkeling uitgebou moet word en as dit spesiale maatreëls verg, dan sal die minister– kan die minister daar [onduidelik].

Wat die– wat iets is wat ek aangegryp het toe ek in die Raad– my voorstel oor die gelyke regte van tussen die twee tale gemotiveer het, en ek het spesifiek in die Raad gese– en dit was voor die Konstitutionele Hof– as geld 'n probleem is– en Regter Cameron se weergawe daaroor in

die uitspraak is nie korrek nie. As geld 'n probleem is, dan moet julle dit sêg want dan kan ons spesiale maatreëls tref. Die een sou wees om die konvokasie te nader om met 'n fondsinsamelings veldtog te help, maar die ander ene– en dit was die belangriker een– die ander een is, ons doen nou wat die ministeriële beleid verg en daar is geen ander Universiteit wat dit meer doen nie. Kom ons laat Potch maar buite rekening. Jy moet ons help om dit te finansier want dit gaan geld kos. Daar was geen– daar was geen reaksie daarop nie. Die dokument wat die Universiteit uiteindelik aan die hof voorgelê het, wat een-en-'n-half bladsy dokument is, waarin die koste wat beskryf is as 'n deeglike studie, waarin die koste faktor nou behandel word en aangetoon het as studente se universiteitsgelde met 20% sal verhoog as die gelyke kanse voorstel geïmplementeer sou word, het nooit voor die Raad gedien nie. Het nooit voor die [onduidelik] gedien nie. Dit het vir die eerste keer die lig in die openbaar gesien toe dit deel was van die verantwoordende beëdigde verklaring van [onduidelik] Steyn in die Kaapse Hoër Hof. Dit was aanhangsel tot sy beëdigde verklaring. Daar is 'n paar paragrawe daaroor en die saak wat dit veronderstel was om te maak was dat, dit– omdat dit onbekostigbaar sou wees, is dit ook nie redelik haalbaar of redelik doenlik vir doeleindes van Artikel 29 van die Grondwet nie. So– maar

nêrens het dit ooit gedien nie. Dit was nooit ter sprake nie. Daar was nooit oor geld gepraat nie behalwe toe Advokaat Breytenbach 'n spesiale raadsvergardering toegespreek het en hy sydelings verwys het na kostes, maar die dokument was nooit voor die Raad nie. Die Raad het nooit gedebatteer nie en ook nie die senaat nie en ek kan dit sêg op sterkte van die feit dat ek al die transkripsies van die debatte gelees het, en by van die debatte self betrokke was, maar soos u weet, Regter, was dit die skilpunt van Regter Cameron se uitspraak. En ons het omtrent 14 bladsye kommentaar gelewer in repliek op hierdie dokument wat ons toe vir die eerste keer gesien het, en myns insiens, met eerbied en met beskeidenheid, heeltemal vernietig het, want daar was verkeerde aannames, dit was nie onder eed nie, die outeur daarvan is nie bekend nie. Ek dink nie eers dit was gedatteer nie, en dit titel van die dokument gee voor om regverdiging te bied vir die besluit van die Raad– van die Universiteit.

Hoë dit ook al sy, na die– na die– miskien net een of twee aspekte wat– terwyl ek nou daaraan dink. En ek– hierdie is objektiewe feite. Mnr George Steyn [onduidelik] in die stukke, het dit aangebied. Hy wou niemand om hom gaan vra nie. Dat hy het die– hy het die antwoordende beëdigde verklaring in die saak afgelê omdat die senior advokaat vir die Universiteit aangetoon het dat die bestuur

se geloofwaardigheid daarmee heen was. En dit– dit waarskynlik met verwysing na aspekte van die aangeleentheid wat deur Regter Howie ondersoek is, en u sal sien as u deur Regter Howie se verslag lees.

KOMMISSARIS: Ek het.

MNR HEUNIS: Dat daar was 'n feite-dispuut. Van die dekane– ek dink twee of drie van hulle, insluitende ingenieurswese en regte en dalk ook ekonomie, het gese dat die rektor vir hulle gese het dat dit in orde sou wees. Hy het 'n regsopinie tot die effek dat hulle maar kan afwyk van die 2014 taalbeleid, terwyl die rektor dit ontken het. En Regter Howie– as ek nou reg [onduidelik] het gese, "Miskien was daar net 'n misverstand." So...

In elk geval, dit– nadat die saak aangehoor was en terwyl die uitspraak afgewag was, op 26 September– dink ek– ekskuus.

MNR ROSSOUW: [Onduidelik]. Daardie datum is 29– 26 Augustus. 26 Augustus. [Onduidelik].

MNR HEUNIS: O dankie. Het die rektor my gebel. Dit was inderdaad die... [tussenbeide].

KOMMISSARIS: September?

MNR HEUNIS: Nee, dit is Augustus. 26 Augustus al.

KOMMISSARIS: As ek net hier kan tussen [onduidelik]. U het genoem dat u werk ook in uitgebreide– het ek u reg verstaan– kriminologie?

MNR HEUNIS: Ja.

KOMMISSARIS: Ons het soortgelyk van die Universiteit ook 'n kriminologie ontvang. Ek weet nie of u insae daarin gehad het nie? U sal dit vind [onduidelik]. Ek dink miskien is dit 'n goeie idee dat– om die twee te vergelyk en dat u dan moontlik– kom ons sêg– skriftelik aanvul aldan nie.

MNR HEUNIS: Goed.

KOMMISSARIS: Waar u– waar u– waar u verskil?

MNR HEUNIS: Dankie.

KOMMISSARIS: [Onduidelik]. Ek het dit as C, ja. Dit is makliker om daardie een te onthou. U het dit daar in u lêers? C en dan sal u sien dit loop van 1 deur tot ses bladsye– vyf bladsye tot by 44.

MNR HEUNIS: Wel, dit is nou insiggewend. Ja:

> "The rector calls Advocate Heunis to ask whether he would agree to Cameron J being nominated as a candidate for the position of a chancelor."

KOMMISSARIS: Ek is jammer, maar u lees nou van die...? 26ste?

MNR HEUNIS: Ja, dit is onderaan. Dit is nie korrek nie.

KOMMISSARIS: Dit is hoekom ek dink– want ek het op 'n stadium gesien daar mag 'n meningsverskil wees.

MNR HEUNIS: Ja, nee, dit is nie korrek nie. Hy het

my– dit is korrek dat hy my gebel het.

<u>KOMMISSARIS</u>: Ja.

<u>MNR HEUNIS</u>: En miskien moet ek dan net voor ek met die oproep handel, net vir u die volgende sêg. 'n Paar van– kom ons noem dit "nie-gelyke kanse leen nie–" 'n paar van– 'n paar mense insluitende ek en Prof Herman Gilomeer en Prof Phillips, Peace en Mnr Johan Theron wat 'n raadslid is, en Prof Albert Groenewald wat 'n afgetrede professor in Geskiedenis was, het toe bymekaar gekom en– om te– om te kyk of ons iemand wil nomineer as– vir die kanselierskap en toe het ons almal– was ons di teens dat Regter Cameron 'n goeie kandidaat sou wees. Ons het egter toe besluit dat ons hom nie sou kon nader om hom voor te stel nie, want dit sou vatbaar wees vir 'n poging om– vertolking as 'n poging om hom te probeer beïnvloed, en ons het gevolglik besluit om eerder Dr Christo van der Rheeder [onduidelik] te nominee, wat ons toe ook gedoen het. Ek vermoed die rektor het dit geweet, maar dit was gedoen op die– voordat hy op 26 Augustus [onduidelik] het, en hy het op sy– sy gesprek met my het so begin. Hy het vir my gese, "Ek neem aan jy weet waaroor ek jou bel?" Toe sêg ek vir hom, "Nee, want ek het nie die vaagste benul waaroor jy my bel nie," want ek was uit die veld geslaan deur die oproep. Ek is die– daar was nie met my as president van die konvokasie geen meer kontak deur die ander organe van

die [onduidelik] behalwe die registrateur self nie, en haar kantoor en die administrasie, maar nie die bestuur of [onduidelik] of enige van die mense nie. Daardie kommunikasie het heeltemal tot niet gegaan. Soveel so dat Mnr Steyn my by 'n geleentheid– waar ons altwee gaste van die Universiteit was– toe ek vir hom vra hoe dit gaan, toe sêg hy vir my, "Fokof. Dit het niks met jou te doen nie." En hy het dit twee keer gese en dit later ontken toe die pers hom daaroor gebel het, maar– so, dit is– dit is... [tussenbeide].

<u>KOMMISSARIS</u>: Sagkens gestel, die verhouding het versuur?

<u>MNR HEUNIS</u>: Heeltemal en so, die oproep was vir my verbasend. Dit was veral vir my verbasend omdat ek die senior advokaat van die applikante in die saak van die Universiteit was, en daar nog nie uitspraak gegee was nie, jy sien?

Hoë dit ook al sy, hy het toe aangegaan om vir my te sêg dat– of ek weet– en ek het di tamper as 'n belediging beleef– as ek weet hoe die kansellier gekies word? Ek het vir hom gese, "Ja, ek weet hoe die kansellier gekies word." Ek het begin die indruk kry toe dat hy besig was om aan my te suggereer dat dit 'n voldonne feit was– ek het kort daarna die indruk gekry– dat Regter Cameron verkies sal word, en ek het dit ook self so ingesien, maar die kies

[onduidelik] bestaan uit die lede van die Raad en daar het die bestuur amper 'n ingeboude meerderheid en lede van die uitvoerende kommittee van die senaat en die president en visie-president van die konvokasie. Toe het hy vir my gese dat daar is mense wat voel dat Regter Cameron 'n baie goeie kandidaat sou wees vir die kansellierskap. En toe daarop het ek gese, "Ja, ek dink ook hy is 'n goeie kandidaat. Om die waarheid te sêg, 'n paar van ons wou hom voorstel maar ons het daarteen besluit omdat hy 'n voorsittende regter is in 'n saak wat ons– die Universiteit se taalbeleid en ons het hom gevolglik nie genader nie." Hy het toe laat blyk dat Regter Cameron aangedui het dat dit vir hom 'n groot eer sou wees. Toe sêg ek vir hom, "Maar Wim, het jy met Regter Cameron gepraat?" Toe sêg hy "Ja, 'n hele paar keer die afgelope twee weke." Die gesprek is basies geeindig op– toe ek vir hom iets tot die effek gese het dat, "Ek sal hier wat jy my nou als gese het onder oorweging moet neem," maar ek het die indruk gevorm, Regter– ek wil dit baie duidelik maak– hy het nie pertinent vir my gevra nie. Hy het– ek het die indruk gevorm dat hy wou hê dat ons– of ek– instrumenteel moet wees om Dr van Rheede se nominasie te laat terugtrek, wat ek nie gedoen het nie omdat ek nie bereid was om dit te doen nie. Dit was my indruk. En as die rektor daarmee sou verskil, dan ontstaan die vraag natuurlik, waarom het hy my dan

gebel? Want hy het my nie gebel om te vra of ons beswaar sou hê teen die– teen Regter Cameron se nominasie nie, alhoewel ek aanvaar dat Regter Cameron vir hom gese het dat hy hom beskikbaar sal stel indien ons nie beswaar het nie, maar dit is nie aan my gese nie. Nie deur die rektor, in elk geval nie.

Ek het toe kort daarna op dieselfde oggend nog my kollega gaan sien, Advokaat Jeremy Muller, en vir hom vertel wat gebeur het. Ek is oortuig [onduidelik] sou later in sy skrywe aan die Universiteit se prokureurs gese het, "ek is oortuig daarvan dat die Universiteit se regspan–" ek praat nie van interne regsadviseurs nie, maar die prokureurs en die advokate nie geweet het van die initiatief om met Regter Cameron in verbinding te tree nie en ek is eweneens oortuig daarvan dat, as hy daaroor geraadpleeg was, sou hulle– die rektor sou afgelei het om te doen wat hy gedoen het.

Die– my besoek aan my kollega is– dit was net om die feite aan hom te verhaal. Soos wat ek dit nou aan u verhaal het, so het ek dit aan hom verhaal. Daarna– dit is opgevolg deur 'n skrywe van Mnr Rossouw op die volgende dag, 27 Augustus, waar die Universiteit gevra is om nou aan ons te openbaar, "Maar wat– wat presies daar nou gebeur het." En u het daardie dokument.

<u>MNR ROSSOUW</u>: Ek is jammer, as ek net daar kan

[onduidelik]? Die ander kronologie [onduidelik] sal u sien daar is 'n bevestiging daar van– wat u dan vir Advokaat Muller geskakel het op daardie selfde datum.

> "To inform him about the call hê received from the rector, [indistinct] Cameron J being nominated for the position of chancellor."

<u>MNR HEUNIS</u>: Dit is nie reg nie. Ek het na hom toe gegaan.

<u>KOMMISSARIS</u>: O, was u persoonlik by Advokaat Muller gewees?

<u>MNR HEUNIS</u>: Ja. Ja. Ja, ek sien u het gese, "het hom gaan sien." Dit was nie 'n telefoon oproep nie, nee.

<u>KOMMISSARIS</u>: Ja.

<u>MNR HEUNIS</u>: Toe volg die skrywe van 27 Augustus.

<u>KOMMISSARIS</u>: Ja.

<u>MNR HEUNIS</u>: En of dit dieselfde of die volgende dag was, weet ek nie, maar toe het ek en– toe het ek weer met Advokaat Muller gepraat. En ek gaan nou kollegiaal nie alles sêg wat hy vir my gese het nie. Ek dink nie dit is relevant in elk geval nie, maar wat hy wel vir my gese het is dat, hulle gaan nie op ons brief antwoord nie end it was hoegenaamd nie vyandig gese nie. Hulle gaan nie op die brief antwoord nie. Is daar 'n manier waarop ons hierdie ding kan beredder? En toe het hy vir my gese– dit is die

eerste woord wat ek daarvan gehoor het– dat Regter Cameron vir die– vir Prof de Villiers gevra het of gese het dat hy sal hom verkiesbaar stel mits gelyke kanse– die applikante in die saak– nie beswaar het nie. Daar moet toestemming gegee word. Dit is na aanleiding van daardie versoek wat ons daardie brief opgestel het aan Regter Cameron.

<u>KOMMISSARIS</u>: Ja.

<u>MNR HEUNIS</u>: Wat ek toe met my kollega– ek het dit toe vir my kollega gaan gee en u sal u herhinner dat ek daarin gese het dat, "Ons wil uself voorstel maar ons het daarteen besluit." Ek het gehoop dat dit hom sou laat afsien van die aanvaarding van die voorstel.

<u>KOMMISSARIS</u>: U bedoel die voorafgaande– die voorlaaste paragraaf?

<u>MNR HEUNIS</u>: Korrek. U is heeltemal reg, en– maar ons het nie beswaar gehad teen hom as kansellier nie, maar ons het natuurlik– die hele ding het vir ons baie groot, groot, groot onsteltenis teweeggebring, soos u, u kan indink, Regter? Ons wag 'n uitspraak af van die Konstitutionele Hof in 'n saak waarin Regter Cameron een van die sentrale figure is– en terloops net noem dat ek en my kollega het by geleentheid 'n brief saam aan Regter Cameron gestuur– ek en Advokaat Muller– oor die administrasie van die saak en ons bekommernis om hom te

registreer en hy het geweier om dit in ontvangs te neem. Voor dit het ons probeer om telefonies saam met hom te praat en hy het geweier om ons te woord te staan. Hier kom dit nou tot my kennis dat hy praat met die rektor van die Universiteit, maar hy wou nie met die regsverteenwoordigers wat hom gesamentlik nader, praat nie. Ons het goeie rede gehad om hom te nader. Eerstens, hy was die man wat deur die hoof regter aangewys was, aanvanklik om met ons reëlings te tref oor die verdere verloop van die saak. So, ons het gedink dit is– en tweedens, omdat ons rede gehad het om bekommerd te raak oor die gebrek aan samewerking en inligting van die amptenare van die hof.

Hoë dit ook al sy, ek het toe hierdie brief toe opgestel en ek het dit vir Advokaat Muller gaan wys. En hy het sy instemming daarmee betuig en my herinnering is dat, ek vir hom gese het, "ek het nog nie 'n mandaat om hierdie brief te stuur nie. As jy hiermee tevrede is, sal ek 'n mandaat vra." En hy was nie alleen tevrede nie; hy het eintlik vir my bedank vir die manier waarop ons die ding hanteer het. Dit, dink ek, kan ek ook met veiligheid sêg, en toe is die brief gestuur.

Ek dink die aanvaarding van die nominasie deur Regter Cameron het plaasgevind voordat die grafier van die Konstitutionele Hof 'n skrywe aan die partye gerig het–

hierdie dink ek was op die 2de, was dit nie? 2 Oktober gewees?

MNR ROSSOUW: 2 September.

MNR HEUNIS: 2 September, ja. Ja. "CC rights letter." Hierdie is, in ons kronologie, nie heeltemal reg nie. Die grafier het geskryf aan die partye om te sêg dat, "julle kan toegang kry tot die korrespondensie as julle dit wil hê, en hier is die name van mense wat Regter Cameron genader het," waarmee ons glad nie 'n probleem het nie. Daar is niks in hierdie wêreld wat verhoed dat iemand wat nie 'n party is tot die saak, Regter Cameron nader om hom beskikbaar te stel nie. So, daar het ons nie...

Maar ons het toe gekonfronteer met die– ons is toe "between the devil and the deep blue sea" want ek stem nie saam daarmee dat dit onbelangrik is dat Regter Cameron die uitspraak gegee het nie. Hy is– soos wat u self weet, Regter– 'n besonderse sterk regter wat daartoe in staat is om mense– veral mense wat gewillig is om oorgehaal te word– oor te haal tot sy siening, sou ek meen. Ons het op daardie stadium nog nie geweet dat hy die uitspraak gaan lewer nie, maar ons het op hom staat gemaak om in ons guns te bevind, omdat hy 'n goeie regter is en ons 'n goeie saak voorgedra het aan hom.

So, hoekom het ons nie gese ons wil toegang hê tot die korrespondensie nie? Nie dat dit 'n verskil sou gemaak

het nie, want hy het toe alklaar aangedui dat hy die rektors– dat hy 'n nominasie aanvaar, want dit was *ex post facto*. Oorwegings oor hoekom ons dit nie gedoen het nie was, ons wou nie aanstoot gee nie. Ons het gemeen ons moet nie aanstoot gee nie. En ons het gedink Regter Cameron is– soos wat almal– die dunk wat ons van hom het is die regte een; dat hy 'n man van inbors is en eerlik en dat hy hom nie sal uitleen vir enigiets wat naastenby as onbehoorlik beskryf kan word nie. Dit was 'n oorweging. En dat hy 'n goeie regter is wat waarskynlik in ons guns kan beslis was 'n oorweging.

KOMMISSARIS: En u wag in elk geval vir die uitspraak.

MNR HEUNIS: Ek wag in elk geval vir die uitspraak. So...

KOMMISSARIS: So, u sêg dit sou nie onbehoorlik wees nie, maar dit sou vreemd gewees het om voor daardie tydstip van die uitspraak...

MNR HEUNIS: Ja, toe die uitspraak... [tussenbeide].

KOMMISSARIS: Waters te begin roer.

MNR HEUNIS: Ja, ons was bang dat– want die– daarmee– ek dink nie dit gaan billik wees teenoor u as ek die leemtes van daardie uitspraak aan u uitwys, gegewe wat voor die hof was nie, maar wanneer– as u dit wil hê, dan is ek heeltemal bereid om dit te doen.

KOMMISSARIS: Jy sien, ek sou verkies om dit net so

[onduidelik] kan neem, soos dat dit die siening was.

MNR HEUNIS: Ja.

KOMMISSARIS: En gelyke kanse se siening was– ek sou nie graag op die meriete van dit wou ingaan nie.

MNR HEUNIS: Nee. Wat ek dan– wat ek dan ten besluite daaroor sal sêg is dat, nou dink ek dat Regter Cameron beïnvloed kon gewees het, want hierdie is nie waaraan 'n mens gewoond is in sy uitspraak nie. Hy het ons weerlegging van daardie studie het hy opsy gevee asof dit nie bestaan nie. En dit is– dit is die skilpunt van die uitspraak. As hy dit nie bevind het nie, kon hy nie teen ons bevind het nie.

NAAM1: Kan ek miskien net op die kronologie [onduidelik]? Ons is nou op die– ons is nou einde Augustus/begin September waar ons toe nou aan die hand van Advokaat Heunis en Advokaat Muller se gesprekke waar die geskrywe toe gerig is aan die hof en daar gese word, daar sal nie beswaar wees nie, en toe het die hof die [onduidelik] skrywe gerig waar die uitnodiging is om na die korrespondensie te kyk en Advokaat Heunis het nou sopas gese hoekom die uitnodiging nie aanvaar is nie. Wat wel gebeur het op 4 September het ek 'n epos– en dit is toevallig– ek sien op die kronologie van die Universiteit– is in elk geval hoekom die nominasies gesluit is. Ek het daardie oggend 'n epos ontvang van my kollega namens die

Universiteit [onduidelik] ingevolge waarvan sy voorgestel het dat daar– dat die Universiteit se prokureurs aan die hof dan 'n skrywe rig en daarin sou sêg dat, die partye gaan nie hierdie korrespondensie aanvra nie. Hulle gaan, met ander woorde, nie die uitnodiging aanvaar nie. Ek het dadelik vir haar terug geskryf en gese dat ons kan nie saamstem met so 'n aanduiding nie– so 'n versoek nie en ons het daarna het ons 'n telefoon gesprek gehad. Nou daar het nou heelwat eposse wat ek aan die kommissie beskikbaar sal stel, gevolg op daardie dag en ek het toe vir haar gese dat, my instruksies van die kliënt is nie om te sêg ons sal dit nooit vra nie; ons gaan dit net nie nou vra nie, en sy het toe daarna 'n epos geskryf en dit reggestel en gese dit was nie haar indruk dat ons vir eens en vir altyd afsien van die– maar ek– dit is nogal belangrik in die konteks– na my mening, met respek– van wat toe gebeur het, want al daardie korrespondensie het op 4 September plaasgevind en daar was hierdie skielike "flame–" soos die Engelsman sou sêg– om– kom ons sêg maar, "to dot the i's en cross the t's op daardie dag." Maar ons het van die– ons het alreeds aangedui dat, ons kan nie ons verbind tot nie die aanvra van die korrespondensie nie.

<u>KOMMISSARIS</u>: Ja.

<u>MNR HEUNIS</u>: Die belangrikheid van daardie– ek stem saam met my kollega, dit is belangrik. Want sy wou

instemming gehad het– sy wou sy instemming gehad het om– vir haar om 'n brief te kan skryf aan die Konstitutionele Hof om te sêg die partye gaan nie gebruik maak van die uitnodiging om die dokumente te inspekteer nie, wat alklaar 'n vreemde ding is. Hoekom word dit nie aan die partye verskaf nie? Maar– en toe het Mnr Rossouw gese dit is nie ons afspraak nie, maar die feit is dat, hierdie kronologie van die Universiteit verwys nie na daardie korrespondensie nie. En daar was toe vir die eerste keer 'n brief gewees waarin daardie algemene *disclaimer* gemaak word. Ons erken nie noodwendig– die feit dat ons nie reageer op wat julle gese het in julle skrywe aan ons waarin u ons meegedeel het van die oproep aan Advokaat Heunis nie, dit was nie– dit was vir die eerste keer toe, in reaksie daarop, in die sin dat wat sy gese het was dat, ons gaan nie daarop reageer nie. My kollega, soos ek u gese het, het op dag 1 al gese dat hulle nie daarop gaan reageer nie en ek en hy het die ding gehanteer soos wat ek reeds aan u verduidelik het.

Wat belangwekkend is, is dat ek sien hier op die Universiteit se kronologie is dat, daar was toe 'n ontmoeting tussen Regter Cameron en die rektor by die Oliver Tambo, soos wat laasgenoemde aan eersgenoemde voorgestel het, toe hy versoek het om met die rektor hier in Stellenbosch te praat vir 'n halfuur, by 'n vroëer geleentheid.

NAAM1: Ja.

MNR HEUNIS: Wel, u weet, dit is– u wil nie kommentar gaan lei hieroor nie, maar hierdie goeters het nou tot gevolg en dit is waarskynlik vir u belangrik, of dit moet minstens aan u oorgedra word, is dat, ons nou skrywes rig aan die hoof regter waarop ons totaal onbevredigende antwoorde kry oor wat presies hier gebeur het, en ons het 'n een-paragraaf skrywe gekry waarin ons meegedeel word deu die hoof regter– op 'n dokument wat lyk asof dit uit 'n drom uitgehaal is– wat 'n foto van geneem is– om te sêg, "Die regte prosedure is toegedien."

NAAM1: Ja.

MNR HEUNIS: En ons het dit opgevolg nou met 'n skrywe aan die waarnemende hoof regter, want die regte prosedure, na die beste van ons wete, is Artikel of Reël 12 van die Gedragreels regters, wat sêg wat presies jy moet doen as daar sprake kan wees van belange botsing en wat klaarblyklik nie gevolg is hier nie, veral nie as 'n mens in ag neem, Regter, dat die– dat al hierdie verwikkelinge tot ons inligting gekom het die eerste keer toe die rektor 'n oproep na my toe gemaak het en my daarvan– van sommige daarvan gese het, en waartydens hy toe gese het, dat hy het 'n hele paar kere die afgelope twee weke met die kanselier gepraat.

So, dit is min of meer wat ek by te dra het. Ek het

my doelbewus daarvan weerhou om– seker nie heeltemal suksesvol nie– om [onduidelik] maar dit is die feite en die feite– en dit is 'n feit dat Gelyke Kanse hierdie ding nie hier gaan los nie. Presies wat ons te doen staan, dit weet ons nog nie. Kan 'n mens direk 'n aansoek na die Appèl Hof bring op die uitspraak van die Konstitutionele Hof ter syde te stel? [Onduidelik].

<u>KOMMISSARIS</u>: Nee, ek sal liewerster nie daarop ingaan nie. [onduidelik], maar ja, daar is tog [onduidelik].

<u>MNR HEUNIS</u>: Ek het net ter interresantheid. Ek het daaraan gedink om... [tussenbeide].

<u>KOMMISSARIS</u>: Dit is ligtelik gese.

<u>MNR HEUNIS</u>: [Onduidelik] vir die rekord, die regter het geglimlag. Dit is nie– ja, ag nee, laat ek my weerhou van verdere spekulasie in die saak.

<u>KOMMISSARIS</u>: Ja.

<u>MNR HEUNIS</u>: Dit is min of– miskien moet ek net een ding vir u sêg. Want ek wil nie hê u moet die indruk kry dat ek [onduidelik], maar daar is net een kommunikasie jaar vergadering in 'n jaar en dit is Donderdagaand, en ek gaan hieroor praat tensy u vir my sêg dat [onduidelik].

<u>KOMMISSARIS</u>: Nee, dit is... [tussenbeide].

<u>MNR HEUNIS</u>: [Onduidelik] redes is om dit nie te doen nie?

<u>KOMMISSARIS</u>: Nee, dit is geen probleem nie. Hoë

meer oop dinge kan wees hoe beter gaan julle gesprek daar rondom. [Onduidelik].

MNR HEUNIS: Regter, dankie. Ek het dan– ek is dan so klaar, tensy daar...?

KOMMISSARIS: Die enigste ding wat u nou hier het– ek het nou gekyk na die– Dr Schreiber se klagte soos hy dit geformuleer het, en ek het gekyk na die opdrag wat ek nou het om te kyk of daar *serious* [onduidelik] geformuleer is. Soos u bewus is, as dit kom by vooroordel– *bias*– dan kan dit of daadwerklik wees dit is subjektief-gesproke, of dit kan objektief wees– hoe sal ek sêg? Gewaande vooroordeel. Nou wil ek nie regsmening vra nie, maar as u nou so na hierdie feite kyk wat u voor u het, sou u wat u het ineenstaan teenoor u getuienis vanoggend– in u gesprek vanoggend gese het dat, derhalwe, is Gelyke Kanse by die punt– of u by die punt om te sêg dat dit inderdaadwerklik vooroordeel was?

MNR HEUNIS: Ja. Die antwoord daarop is ja.

KOMMISSARIS: En nie bloot net verwaande– soos die redelike man dit sou interpreteer as hy met die werklike feite gekonfronteer word– met ander woorde, die voorkoms... [tussenbeide].

MNR HEUNIS: Ek begryp wat u sêg.

KOMMISSARIS: Ja. En u voel dit gaan– as 'n mens die bepaalde omstandighede in ag neem en ons sit– u sit twee

en twee bymekaar en ons sêg [onduidelik].

MNR HEUNIS: As dit sou moontlik wees om 'n aansoek te bring dat die hof sy eie uitspraak en bevel ter syde stel, dan sou– ek meen ons sou dit in hierdie– in hierdie situasie oorweeg om te doen– dan sou ons daar sêg dat hierdie uitspraak spreek daarvan dat die regter hom [onduidelik]. Hoë jammer dit ook al mag wees om dit te sêg. Maar ek gaan terug wat die rektor gedoen het was– of dit nou gewerk het of nie, en of dit nou so bedoel was of nie, dit was verregaande en ek sêg dit op gesag van die feit dat onsself dit nie durf doen nie.

KOMMISSARIS: Die feit– as ek net daarby kan aanknoop? Die feit dat– volgens die getuienis van die rektor, volgens die geskrewe stukke wat ons sien, blyk dat hy in besonder het dit gesien– u skrywe– en in besonder die laaste paragraaf daarvan– as die groen lig. Het u 'n verdere mening daaroor, sou– kom ons stel dit so? Sou u dink dat die redelike persoon in daardie omstandighede [onduidelik] die feite tot sy kennis, soos wat die rektor gehad het, dit as 'n groen lig behoort te gesien het?

MNR HEUNIS: Ja, ek– soos ek gese het– en ek gaan maar daarop terugval, Regter– ek het– ek het 'n waarskuwing probeer inbou in daardie skrywe.

KOMMISSARIS: Ja, die vorige paragraaf.

MNR HEUNIS: Deur te sêg, maar ons– ons het nie

gedink dit sal in orde wees om [onduidelik]. Dan van die groen lig gepraat, daar is natuurlik state van meer as een groen lig. In Advokaat Meiring se skrywe aan die regter sêg hy, "Ons het lekker gesels Vrydagaand en jy het toe vir my die– ek sou nie nog vertoë tot jou gerig het om jou verkiesbaar te stel nie, maar jy het my die groen lig gegee." Ek het net vergeet om vir u te sêg dat, aan die– vroeg in die gesprek tussen my en die rektor het hy vir my gese, "Ek het vir Regter Cameron gese, daar is drie redes hoekom hy die ideale kandidaat was" en toe het hy vir my die drie redes genoem, waarvan een was die feit dat die regter *gay* is. Hierdie ander twee is sy vermoëns en sy aansien te make gehad het.

<u>KOMMISSARIS</u>: Ja, ons kan weer terugkom na u toe.

<u>MNR HEUNIS</u>: Dankie. Dankie.

<u>NAAM1</u>: Ja, as ons miskien net 'n bietjie kan aanvul van die gebeure nou na die– toe ons nou na die uitspraak kom op 10 Oktober en op 11 Oktober het ons onmiddelik toe nou 'n brief gerig aan die hof, waarin ons– die Konstitutionele Hof [onduidelik] of ons die korrespondensie kon kry. Dit is ook deel van die– ek dink [ondudielik]. Die 14de 'n antwoord gekry wat sêg– wat verwys na 'n Appèl Hof beslissing– ek het nou die naam vergeet.

<u>KOMMISSARIS</u>: Werner?

NAAM1: Ja, op sterkte daarvan kan ons [onduidelik]. Uit die aard van die saak het ons dit net– en wat vir ons vreemd was aan die skrywe is dat, [onduidelik]:

"I have been instructed."

So, dit was– die vraag is, wie het die instruksie gegee? Ek meen, dit is nou– dit is asof ons nou hierso in 'n tipe van 'n debat is met iemand wat ons nie weet met wie gesels ons hierso nie. So, ons het toe nou ook daar verduidelik dat daardie– sover ons kon vasstel, daardie saak het gegaan oor bias en daar was nie– ons het nie beskuldigings van bias– ons het net gevra om die korrespondensie te sien. Dit is die een aspek. En ons het nie weer van die hof gehoor nie.

MNR HEUNIS: Wel, hulle het geweier.

NAAM1: Wel, hulle het geweier en ons het maar net– ekskuus Mnr Heunis, jy is reg. Ons het op die weiering gereageer. Daar was 'n weiering gewees en ons het toe uit die bloute het ons van die registrateur van die Universiteit toe nou 'n brief of 'n epos gekry met die korrespondensie aangeheg, waarin daar– daar is 'n hele debat met die kronologie van die Universiteit. Daar is verskillende skrywes, soos u nou gesien het. Toe is Regter Cameron nou baie ongelukkig toe hy sien dat [onduidelik] nie beskikbaar gestel nie. [Onduidelik] op sy aandrang is dit toe beskikbaar gestel.

MNR HEUNIS: Wel, dit pas eintlik in by wat ons gese het en dit is dat, toe ons gereageer het op daardie brief wat sêg, "Die hof [onduidelik]," maar dit is nie die hof wat hierdie [onduidelik] aan ons gemaak het nie. Dit was Regter Cameron.

KOMMISSARIS: Dit was Regter– nee, dit is klaarblyklik so.

NAAM1: Ek het die kronologie. Ons het nou nog nie deur die kronologie gegaan nie [onduidelik] is dat, daar is 'n paar goed wat vir my vreemd was. Toe Advokaat Heunis die dag van die rektor hom geskakel het en uit die aard van die saak het hy my ook geskakel en gese dit is nou wat gebeur, en [onduidelik] dat die afgelope paar weke, of die afgelope twee weke was hy in gesprek, maar as jy dan nou kyk na die korrespondensie, dit was veel langer as dit. Dit was trouens meer as 'n maand voor die aansoek aangehoor is, was hulle in gesprek gewees.

KOMMISSARIS: Ja.

NAAM1: Hulle het 'n vergadering gehad 17 Augustus blyk nou uit hierdie kronologie uit, wat enkele dae na die [onduidelik] verskoning- gesprek was, en dit kom nou waarskynlik– ek het oppad hiernatoe vir [onduidelik] sluit aan by wat Regter gevra het, "As jy objektief of subjektief kyk, waar daar nou beïnvloed of nie?" En ek dink die enigste verklaring [onduidelik] daar is dan

ook die [onduidelik] "if it is perceived, it is perceived and that is that."

KOMMISSARIS: Ja.

NAAM1: En ek dink dit is– persoonlik dink ek ons sit almal in hierdie vertrek en die wêreld se [onduidelik] vir Regter Cameron en dit is– ek moet sêg in my [onduidelik] is hierdie nou vir my 'n bietjie van 'n persoonlike skok. Dit slaan op die– mens kan amper sêg [onduidelik] in die eerste instansie nie, in die lig van die feit dat die regs– of die senior advokaat aan beide kante het voorheen saam met [onduidelik] en hy wou nie met hulle gesels nie en daardie het bloot gegaan oor die administrasie van die saak. Dit is die een ding.

Dan die ander ding wat vir my vreemd was en dit moet ek– dit is nie in die kronologie nie. Mnr Heunis het nou vertel van gesprekke wat hy met Jeremy Muller gehad het. Ons het oor die algemeen baie goed oor die weg gekom met die Universiteit se regspan. Daar was 'n kollegialiteit en 'n samewerking wat regtig 'n saak van hierdie omvang makliker gemaak het. U kon die foon optel en gesels, en toe Mnr Heunis my bel en vir my vertel wat gebeur het, toe het ek dadelik vir [onduidelik] gebel en vir haar gese, "Dit is wat gebeur het." Sy was merkbaar uit die veld geslaan gewees. Sy het gese, "Ek glo nie wat jy vir my sêg nie." Ek sê, "Jy moet vir my glo. Jou kliënt het die

regter gebel." En daar was– dit was onmiddelik vir my duidelik dat die rektor het nie gekonsulteer met sy regsmense nie, en dit kan in die een opsig miskien as 'n verskoning aangebied word, maar ek wil ongelukkig, as mens kyk na die geskiedenis van die saak– en ons het nou gepraat oor die RAU kommissie en dies meer– my persoonlike– my vraag is, is dit nie 'n geval van die rektor sou nie sy regsmense gebel het nie want hy weet– hy sou geweet het wat die antwoord sou gewees het, en dit is– dit kon nou na die anderkant toe van– en dit is miskien waaroor hierdie kommissie gaan is om te bepaal– jy sit met 'n uitvoerende beampte en 'n hoof van die Stellenbosch Universiteit. Mens wil amper die *common sense* toepas op, "jy hoort van beter te weet." Of jy hom objektief of subjektief vooroordeel. En dit kom nou terug by wat ek vir Jan gese het, want ek dien in die Hof van Kleineise al vir 20 jaar en ek het toevallig nou in die [onduidelik] gesit. Verskyn daar 'n outjie voor my wat as 'n verf maatskappy– ek het jare– 10 jaar terug het ek vir sy pa in die firma opgetree, en sy pa is toevallig 'n getuie in die saak. En hoe dit werk op daardie oomblik, jy kom daar en dan sien jy nou vir wie [onduidelik]. En ek dink nie dit maak my anders of watookal nie, maar ek het dadelik vir die partye geroep, "Maar ek kan nie hierdie saak hoor nie, vir die eenvoudige rede, ek ken minstens die een party en ek voel net nie

gemaklik daaroor nie." En dit is ook op 'n totale ander vlak en 'n kleiner vlak, maar dit is– en albei kante was vir my kwaad, "Nee, maar jy kan die saak hoor." Toe sêg ek, "Maar maak nie saak watter kant toe ek verder gaan nie, na die tyd gaan daar vrae gevra word en ek sal liewer nou wegstaan van hierdie af," maar dit is nou sommer so aan die kant-gesproke en ek weet dit is– u sou gesien het daar is 'n redelike publieke– *public outcry*– soos hulle sêg, oor wat gebeur het en ek dink dit is amper verby die punt van "was daar invloed of was daar nie?" Dit is– ek dink dit is omtrent dit.

<u>MNR HEUNIS</u>: Hoor wat julle wat ons nou in die koerante sien? So, as iemand daar [onduidelik] en dit lyk soos die voorsitter van die Raad [onduidelik] of Prof Stan du Plessis bewus was daarvan en Advokaat Meiring? Ek meen, u weet beter as ek dat, as jy 'n voorsitter van 'n orgaan [onduidelik], dit is die manier waarop jy die orgaan self voor die hof bring, en hierso is raadslede waarvan een al vanself probeer het om Cameron te oortuig terwyl die saak teen die Raad hangende was en die voorsitter van die Raad wat waarskynlik geweet het van waarmee die rektor besig is.

<u>KOMMISSARIS</u>: Ja, soos u tereg sêg, die mandaat is in die sin dat dit gaan bloot oor– uiteraard kan ek nie [onduidelik] as daardie opdrag nie. So, dit is waarna ons

moet kyk. Ek het nou net gesit en dink terwyl Mnr Rossouw daarvan gepraat het, byvoorbeeld ek onthou een saak waarin ek gesit het en dit was 'n siviele verhoor gewees en op 'n stadium toe sien ek 'n persoon agter in die hof sit en toe herken ek hom as 'n ou skool vriend van my en toe ek weer deur my stukke behoorlik gaan, toe sien ek hy is die hoof deskundige vir die een kant. Toe vra ek myself, "Nou wat nou?" Toe het ek dit nou goed gedink om die partye in te roep uiteraard, en die partye se regsverteenwoordigers, om te sêg dit is die situasie. Ek het hom baie lanklaas gesien. Hy het– dit pla my nie. Ek sal– glo ek, dit sal my nie afsit nie, maar wat sêg die partye hieromtrent? Nou, hulle het terug gekom en gese dit is in orde wat hulle betref. Ek het toe bietje anders as u toe besluit. Ek het toe aangegaan en die saak beslis en dit is interresant toe ek teen daardie [onduidelik].

<u>MNR HEUNIS</u>: U het dit bietjie veilig gespeel.

<u>KOMMISSARIS</u>: [Onduidelik] maar dit sou in die hof byvoorbeeld, die normale ding wees om te sêg, "Luister, ek openbaar dit nou en voel u dat daar 'n verskil is in omstandighede."

<u>MNR HEUNIS</u>: So, as u my– die vraag– my antwoord op daardie vraag is, die oomblik toe daardie oproep na Cameron gemaak is, hy moes vir die rektor gese het, "Jammer Wim. Ek kan nie met jou praat nie." Hy moes vir

sy hoof regter gaan sêg het en hy moes die partye se regsverteenwoordigers ingeroep het en gese het, "Ek het hierdie oproep gehad. Wat is julle kommentaar daarop?"

<u>KOMMISSARIS</u>: Ja.

<u>MNR HEUNIS</u>: Dit is skokkend onvanpas. Die hierdie ding is vir ons 'n nagmerrie. U weet, hierdie is– ons het baie opofferings gemaak om te doen wat ons dink in belang– nie net van die Universiteit is nie, maar in besonder in belang van die Wes-Kaap is. Ons het groot opofferings gemaak oor 'n tydperk van vier jaar. En nou het ons 'n uitspraak van die hoogste hof van die land, waarvan ons glo dat dit die uitkoms was– laat ek dit so stel– dat– waarvan ons glo da tons 'n goeie saak gehad het en behoort te gewen het, en hierdie uitkoms is nou vir ons beslis vandag as gevolg van die rektor se pogings en Regter Cameron se bereidwilligheid *to entertain it.*

<u>KOMMISSARIS</u>: Ja.

<u>MNR ROSSOUW</u>: Ek dink net om af te sluit miskien van ons kant af, na ons die uitspraak gelees het– en ek [onduidelik] u het nou tereg gese u kan nie die meriete [onduidelik], maar ek dink soos die Engelsman sêg, "The penny dropped" toe ons die uitspraak lees. Dit is toe waar ons besef hier is fout. Mens kry baie keer uitsprake [onduidelik], "you know, what is the definition of justice? It is the last case you won." Mens verloor baie keer. En jy

verstaan waar jy dit verloor. Jy lees die uitspraak en dink, "O nee, dit maak–" hierdie uitspraak het ons die volgende dag die brief laat skryf, kan ons die korrespondensie sien, asseblief?

MNR HEUNIS: Het ons gesukkel met [onduidelik]?

KOMMISSARIS: Goed. Ja nee, as daar dan nou iets verder is?

MNR HEUNIS: Nee. Regter, wil u kommentaar op hierdie...?

KOMMISSARIS: Ek wil nou juis net daarvan melding maak.

MNR HEUNIS: Wil u dit sommer maar nou doen, of sal ons dit skriftelik doen?

KOMMISSARIS: Nee, ek dink hoe gouer hoe beter. [Onduidelik] from them whether they do it now or later.

MNR HEUNIS: Wat ons miskien kan doen, Regter, as dit prakties miskien net is, dat ons– ons het kronologie wat– ek moet ongelukkig– u weet [onduidelik]. So, ek het sommer klaar gesien hier is 'n paar spelfoute. Maar in elk geval, wat ek net sal wil regstel– dan, kan ons miskien dit nèt saamstuur? Ek dink nie daar is nou verdere submissies, behalwe *if you expect anything further from us*?

COMMISSIONER: No, there is nothing.

MR HEUNIS: There is nothing that we have overlooked [indistinct]. Die een ding wat daar uitgelaat is,

is net daar wat ek [onduidelik] 4 September, daardie korrespondensie tussen ons en die [onduidelik]. Ons gaan niks van die korrespondensie later [onduidelik].

KOMMISSARIS: Ja. Ja, so, ek weet nie eers of dit nodig is om die twee te [onduidelik].

MNR ROSSOUW: Ek dink ons moet bloot eenvoudig net ons sin stuur, Regter.

KOMMISSARIS: Ja. Ja, ek dink dit is miskien– maar gebruik dan die Universiteit s'n. Dan as julle nog kommentaar wil gee is dit ook reg so.

MNR HEUNIS: Dankie, Regter.

KOMMISSARIS: Kyk, ons sit nog tot Vrydag deur. So, as [onduidelik].

MNR HEUNIS: Dit sal voor Vrydag wees. [onduidelik].

KOMMISSARIS: Kyk, dit is al wat ons addisioneel dan nog nodig het. Goed. Menere, baie dankie. Baie dankie vir julle tyd.

MR HEUNIS: Thank you.

KOMMISSARIS: Aangenaam gewees.

**ONDERHOUD EINDIG**